LEEF

EN LAAT LEEF

GWP MINISTRIES

PSALM 77: 12

I will meditate on all Your works
And thoughtfully consider all Your [great and wondrous] deeds.

GWP MINISTRIES

Psalm 78: 5-8

God het n getuienis opgerig in Jakob…
Dat almal wat in Hom glo, vry van vrees kan word…

God verwag dat ons vandag hierdie verlossings-boodskap aan ons kinders bekend moet maak,
sodat die volgende geslag die vreugde in die waarheid kan proe en…

hulle vertroue ook in God stel en die wil en dade van God nie vergeet nie maar,…
Sy gebooie bewaar en onderhou en
nie word soos hul vaders…

n koppige en wederstrewige geslag
n geslag met n onvaste hart,
wie se gees nie trou was teenoor God nie

Omdat kennis van die waarheid afhanklik is van
die begrip van Godswysheid.

GWP MINISTRIES

Teks : Gerrit Biermann 081 2700024

INHOUDSOPGAWE

DIE UITVERKORENES	1
DIE RYKDOM IN GENADE	6
IS JY WAARLIK VRY	11
DIE SEën EN VLOEK VAN VADERSKAP	16
RECONCILIATION	21
EK WIL HUIS TOE GAAN	25
DIE KRAG IN DIE WOLKE	29
DIE KRAG IN DIE SAAD VAN GEHOORSAAMHEID	35
NAVOLGERS VAN GOD	39
SATAN'S MISSION	43
GOD'S MISSION	47
GOD SE BEGRIPSTOETS OOR LIEFDE	51
KINDERS VAN DIE HERE vs SEUNS VAN GOD	58
BLYDSKAP IN DIE HERE	63
OPSOMMING	70

DIE UITVERKORENES

Hand 9:15 *Maar die Here sê vir hom: Gaan, want* ***hy is vir My 'n uitverkore werktuig***
om ***my Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel.***

Die gedagte is om hierdie boonste opdrag van Jesus ten opsigte van Paulus se lot te bedink, te ondersoek en te bespreek -

1. *…hy is vir My n uitverkore werktuig…*

Ons is almal uitverkore vir God. God het die wêreld en sy uitspansel gemaak sodat almal n geleentheid mag kry om die goedheid van sy werk te geniet. Die ongeluk is egter dat almal nie Sy skepping, bestaan en goeie werke ter harte neem nie.

2. *…my Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel…*

En hier sien ons wat God van ons verwag gedurende ons fisiese vertoef op aarde.
Wat beteken dit om iemand se naam te dra ?
God moet sekerlik geweldige vertroue hê in diè een wat uitgenooi word om sy naam te dra, amper soos om te sê -
'Ek as God kies jou en vertrou jy sal alles wat Ek opgebou het waardeer, in stand hou en met respek poog om My integriteit aan almal wat jy ontmoet, tentoon te stel'.

Daar is ook die anderkant. Wil ons God se versoek beëdig en Sy naam dra…?

Alhoewel die plan is om Paulus te gebruik, moet ons verstaan dat God niemand voortrek nie. So, daarom kan ons ons eie naam gebruik gedurende hierdie bespreking.

Dit is dieselfde Paulus wie se naam Saulus was. Hy het geywer om die Christene wat Jesus se evangelie verkondig, te vervolg. Totdat God besluit het om hom te gebruik om die rykdom in Christus te verklaar. Van die een uiterste tot die ander - n replika van ons eie lewens.

As gelowiges eerlik word en introspeksie doen, sal hulle besef dat hulle aanvanklik ook God se volgelinge teengestaan het. Hoe so? Ons het ons eie wil, denke en emosies gebruik vir selfverreiking, om geregtigheid in ons lewens te bewerkstellig.

God het Paulus gekies om Sy skeppingsplan aan die mensdom te verklaar en net so nooi Hy ook vir elke mens om heilig soos Hy te word. Hoekom heilig?. Die mens kan nie God se karakter verklaar (Sy Naam dra) indien hy nie self hunker om soos God te dink en op te tree nie. God is heilig en daarom versoek hy dat ons ook heilig word…

1 Pet 1:13 Daarom, omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus.

:14 Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie.

:15 Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word,

:16 omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig.

God het n doel met sy skepping en wanneer ons sy skepping betrag, kan ons nie anders as om met ontsag te reageer nie, want alles werk perfek. Die hele skepping is ontwerp om mekaar te vlei, te bevorder en tot diens vir mekaar te wees.

Jesus het as ons Verlosser ingetree en Paulus het die verborgenheid in hierdie verlossingskap kom verklaar. En so gebruik God sy uitverkorenes om die rykdom in Hom tentoon te stel deur sy karaktertrekke in elkeen wat gehoorsaam sy insettinge navolg, te vestig met die saad van die vrug van verlossing en die verwagting koester om dit te saai.

Wanneer die gelowige Jesus se verlossings boodskap aanneem, ontvang hy God se Gees wat oor dieselfde vermoëns beskik as God self. God het Paulus gebruik om hierdie misterie te openbaar. Hieruit word dit duidelik dat die mens op aarde van verganklike na onverganklike kan verander. Onthou, die Heilige Gees is ewig en in jou bly Hy onsterflik.

1 Kor 15:51 *Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word,*

:52 *in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.*

:53 *Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.*

:54 *En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning.*

1 Tim 3:16 *En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid.*

Godsaligheid bring ewige lewe mee en word geopenbaar en bekragtig deur Jesus se volhoubare getrouheid aan en betroubaarheid vir God. Jesus het homself verneder toe hy ander se probleme aangehoor het en ingetree het as bemiddelaar tussen mens en God. Die verwagting is dat ons met die hulp van die Gees, geestelike redders word.

Gal 6:1 *Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie.*

:2 *Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus.*

:3 *Want as iemand meen dat hy iets is, terwyl hy niks is nie, mislei hy homself.*

Jesus het God se geregtige gesindheid beoefen en sodoende word hy steeds deur baie gehaat. God se geregtigheid bring die lig in die waarheid navore, maar baie mense leef steeds in n sombere duisternis oor God se motief vir die skepping en gevolglik bring dit huiwering van geloof in Hom mee. Die werk van die Gees is om hul siening te verander, maar benodig ons as gelowiges om die vrug van gehoorsaamheid ten toon te stel.

Jesus se gehoorsaamheid aan God se Gees is n bewys dat die kruks van n ewige goeie lewe gegrond is in die liefde vir God se geregtige karakter en daarom moet ons hom as Skepper respekteer en poog om sy persoonlikheid (Naam) te dra, met die oog op ewige nalatenskap. Die vrug van God se karakter behoort die geregtigheid in God te weerspieël en sodoende sal God se Naam (integriteit) suksesvol die duisternis verlig.

Paulus het ook die begrip van n 'ewige lewe' verklaar...

Soos ons reeds weet het Jesus meestal profetiese redes en vergelykings gebruik om die Skrif te verduidelik, waar Paulus die goed en kwaad, seën, vloek en straf bespreek in antwoord oor die verkryging van die rykdom in Christus. Ons moet dit ook doen. Eerstens moet ons besef dat die grootste rykdom wat enige mens kan besit, die voorreg bevat om vir ewig n vreugdevolle lewe te mag geniet. En dit kan reeds nou hier op aarde begin...en tot in ewigheid duur, want soos engele sal ons wees na ons fisiese dood.

Ons moet verstaan hoekom hierdie verborgenheid vir n tyd lank van ons weerhou is. Eers na die uitstorting van die ewige Gees is Christus se verborgenheid geopenbaar. Christus is die Gesalfde Verlosser. Vir die eerste keer na hierdie uitstorting is dit moontlik vir die mens om God se domain te betree, mits hy Geesgevuld verander.

En vir die doel van hierdie skrywe moet ons let dat God ook vir Paulus uitgenooi het om as gesalfde diens te doen. God het hom oortuig om Jesus se doen en late as voorbeeld te gebruik. Jesus se gehoorsaamheid aan God se Gees het die voorreg en vrug van n ewige lewe beklemtoon en Paulus se uitdaging was om God se wil, plan en begeertes te verstaan, te verkondig en te verklaar. En so behoort alle gesalfde verlossers op te tree.

Jesus beklemtoon in die opdrag op bladsy 1 aan wie Paulus aanspreeklik moet bly -
die **nasies, konings en kinders van Israel.**
Die nasies - dit is die hele wêreld.
Die konings - dit is die heersers van die wêreld, die hoofde van lande, met inbegrip van die hoofde se verteenwoordigers.
Die kinders van Israel - dit is diè wat gelowig aan Jesus se evangelie geword het.
In opsomming hiervan word daar dus verwag dat God se wil, sy verwagting, sy seën en sy bestraffing duidelik aan almal verkondig moet word.

Die effek van getroue verkondiging van God se wil behoort in werklikheid die rykdom in geestelike verandering te ontsluit en te openbaar.
En wat behels hierdie gehoorsame verandering van gemoed wat ons moet ondergaan ?.

Mat 16:16 En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God.

Dit beteken - Jesus is die Christus, die Verlosser, die Gesalfde, wie se Gees die wêreldse mense wat gehelp wil word, sal help om die houvas wat die duiwel op hul denke, emosies en wil het, kragteloos te maak.
Dit beteken ook - Dat almal wat Jesus se gedrag aanneem en so leef, ook as lede in Christus se liggaam opgeneem sal word en gevolglik altyd diens sal doen as gesalfde verlossers. 'Aanneem' wat beteken om gedurig te ywer om reinheid na te streef.
En waaruit bestaan God se koninkryk ? Dit is n geestelike domain waarin liefde, vrede en vreugde heerskappy voer. Die mate van verlossing is onderhewig aan die mate van gehoorsaamheid aan die Gees. Hoe meer gehoorsaam, hoe meer guns en genade....
Met insig sal ons merk dat **'Paradys'** in Hebreeus **'plek van toekomstige geluk'** beteken. Almal wat dus met ywer poog om Jesus se verlossings boodskap aan te neem en te verklaar, sal genoeg genade ontvang om altyd die duiwel se uitdagings te trotseer.

DIE RYKDOM IN GENADE

Heb 12:15 en pas op dat ***niemand in die genade van God veragter*** *nie; dat geen wortel van* ***bitterheid opskiet*** *en* ***onrus verwek*** *en* ***baie hierdeur besoedel word nie. :16*** *Laat* ***niemand 'n hoereerder wees nie,*** *of 'n onheilige soos Esau, wat vir één spysgereg sy eersgeboortereg verkoop het.*

Wat beteken dit om in in die genade van God te veragter ?.

Dit beteken om nie die volle genade te ontvang wat God in plek het vir ons nie.

Ons is reeds deur genade gered. God het verorden dat die mate van genade onderhewig is aan die mate van gehoorsaamheid - die onderrig van Sy Gees.

1 Pet 5:5 Net so moet julle, jongeres, aan die oueres onderdanig wees; en wees almal met ootmoed bekleed in onderdanigheid aan mekaar, want God weerstaan die hoogmoediges, maar ***aan die nederiges gee Hy genade.***

2 Pet 1:2 ***Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van God en Jesus, onse Here!***

2 Pet 3:18 Maar ***julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus.*** *Aan Hom kom die heerlikheid toe, nou sowel as in die dag van die ewigheid. Amen.*

Hier leer ons dat nederigheid genade aktiveer. Wat is nederigheid ?.

Gal 6:2 ***Dra mekaar se laste*** *en vervul so die* ***wet van Christus.***

Om mekaar se laste te dra beteken in eenvoudige taal - om deernis te beoefen…

Jy moet hoor wat gevra word. Jy moet kan luister. Jy moet omgee oor jou naaste se lot en hom laat voel dat hy belangrik is. Deernis is n gesindheid van liefde, vriendelikheid, goedheid, lankmoedigheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing - dit moet liefde uitstraal sodat blydskap geskep word.

Merk hierbo dat al 9 vrug van die Gees teenwoordig is…

Wanneer n mens beskeie is, tree jy nederig op. Jy is nie hoogmoedig nie, praat nie groot oor wat jy bereik het nie. Jy roem nie oor jou sukses nie. Jy roem liewer oor die kennis van die waarheid wat jou vrygemaak het…

Ons merk God praat van die wet van Christus. Die onus is op 'wet'. Watter wet ?.

Wel, God se persoonlikheid is sy wapen. Sy barmhartigheid is gegrond in heilige liefde.

Dit is die wet wat Hy verorden het - Bly barmhartig en Hy sal Sy Persoon met jou deel.

Ons sien en leer dat die ewige lewe ook afhanklik is van n rein, heilige leefwyse. God se besluite word geregverdig deur die geregtigheid in sy gesindheid - Hy is wat Hy is…

En wat is heiligheid ?.

Dit is wanneer jy jou afsonder van die kwaad, wanneer jy bewus raak van 'kwaad' in jou en in ander se gedrag. Dit is wanneer jy uitroep om nie meer met 'kwaad' te leef nie, maar die 'goed' n kans te gee. By geboorte besit ons die goed en kwaad, maar die meeste van ons gee die kwaad meer water gedurende lewensgroei en eers later wil ons die gewoonte verander, omdat die kwaad nooit gedurige tevredenheid bring nie…

Die geheim is dat reinheid die kern van die rykdom in God se genade is.

Wanneer ons rein van denke is, is daar geen hardnekkigheid, teëstribbel en eiewysheid wat God se seën kan verhoed nie. God se grootste begeerte is om ons in n plek van veiligheid en vrede te sien. En Sy paradys (a place of future happiness) is daardie beskerming.

Sy geaardheid bring beskerming en as ons sy geaardheid aanneem, sal ons enigiets kan vra en ons sal dit ontvang…!

Kol 3:23 En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, :24 omdat julle weet dat julle van die Here die erfenis as vergelding sal ontvang, want julle dien die Here Christus.

Om die Here te ontvang, beteken om as erfgenaam deelsaam aan alle voorregte in sy koninkryk te word. Hoekom die voorreg ? Heiligheid en reinheid van siel bewerkstellig dit.

Dit word dus nou duidelik waarom mense sukkel om gedurige vrede te beleef. Dit blyk te wees dat die mens hom skuldig maak aan tydelike reinheid. Hulle aanvaar die waarheid oor God, maar vergeet God is Gees en moet hom in **Gees en waarheid** aanbid - *Joh 4:24.*

Die mens kan die waarheid leer, maar net die Gees wat van die begin teenwoordig was, kan alleen die rykdom in God se genade verklaar. Sonder Sy hulp, sal die waarheid verborge bly.

*Jak 3:17 Maar die wysheid van bo is **ten eerste rein**, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins.*

Hierbo merk ons dat die wysheid **eers** reinheid opsoek, want God se besluite en denke is geanker in liefde vir Sy skepping. Wanneer iets rein is, is dit skoon en onpartydig.

God is lankmoedig en hy gee ons n kans om die sin van ons partydigheid te verander.

Daarom raai Jesus ons aan om soos n kind te word voordat ons sy koninkryk betree.

Die kind glo die ouer en word aanvanklik deur die ouer gelei om goed of kwaad te doen.

Eers later in jare sal die kind besef watter raad vrede of vrees gebring het en dan is dit belangrik om wysheid van bo te soek oor hoe om van die vrees ontslae te raak.

Ongelukkig kan Wysheid (Heilige Gees) nie n verandering maak as die beheerkamer in die mens se verstand nie gewillig vir verandering is nie.

Ons merk ook hierbo dat Wysheid die goeie nuus ordelik oordra. Die **eerste stap** is om die verstand **rein** te vind vir onderrig. Die gewilligheid van die mens is nodig hiervoor.

Daarna word die siel geleer hoe om **vrede** ordelik toe te pas - met n **vriendelike** gesindheid wat **redelikheid verklaar** sodat die **sin vir ruimhartigheid verstaan kan word.**

Die Gees verduidelik ook **hoekom 'kwaad' vyandskap veroorsaak** en **hoekom 'goed' blydskap meebring.** En laastens oortuig Hy die siel om **gedurig onpartydig op te tree.** Die oordeel is vir God. **Opregtheid sonder pretensie is n plig teenoor mede.** Diè wat hierdie plig versuim sal nie die volle mate van vrede smaak nie, want Wysheid bly net in rein huise.

Die feit dat die Heilige Gees ons eenkeer besoek het, beteken nie dat Hy nou permanent sy intrek geneem het nie. Om te aanvaar dat die Gees permanent geanker is, is naief en is n fabel. God verwag dat ons elke dag nuwe kos van hom moet ontvang - net soos in die dae van die Israeliete in die woestyn. Gebrek aan gereelde kommunikasie met God sal veroorsaak dat ongenooide gaste (demone) hul intrek neem. Moenie selfversekerd dink dat een keer gered, altyd gered reg is nie. Bedink die gelykenis van die 10 maagde - vyf verstandig en vyf onverstandig. Merk ook dat almal maagde genoem word, tog vertel die storie dat die 5 onverstandiges te min olie (krag van die Heilige Gees) gehad het toe dit saak maak - *Mat 25*. Die Gees het **onderskeidingsvermoë** en ons is **afhanklik van Sy krag om ons te lei** om die regte besluite te neem- **elke dag.** Intimiteit met God skep die kultuur vir n nuwe natuur.

Hierdie verduidelikings oor die erns van gedurige reinheid oortuig mens van die vloek wat in die woord **'veragter'** skuil. Dit word duidelik dat onreinheid die broeiplek vir duiwelse gedagtes is en God waarsku ons dat die teenwoordigheid van onreine gesindhede, bitterheid in ons siel mag meebring. Bitterheid se oorsprong is twyfel. Dit bring onsekerheid mee.

Wanneer die mens twyfel in God se goedheid, glo hy nie in God se liefde nie, nie in Sy skepping nie en nie in Sy gebooie nie en daarom verorden God dat so iemand se gebede nie verhoor sal word nie.

Jak 1:6 Maar hy ***moet in die geloof bid, sonder om te twyfel;*** *want* ***hy wat twyfel,*** *is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word.*

:7 Want dié mens ***moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie—***

En wanneer ons gebede tot God nie verhoor word nie, bly net Satan oor om te help. En sy werk is om n verdwaalde siel tot niet te maak. Hoe ?

Die siel wat depressief is besluit self om op te hou veg vir geregtigheid, want ongelukkigheid gaan nooit weg nie. Depressie bring selfmoord neigings en bitterheid bring ander 'kwaad' gesindhede na vore, onder andere jaloesie, ongeduld en oordeel. En die gevolge is tweedrag tussen mense. En tweedrag bring onpartydigheid en liefdeloosheid. Geen wonder God verag so n siel nie, in agnome dat Hy alles tot ons beskikking verskaf om reinheid te bekom.

Gelukkig is daar steeds n kans vir die 'amper verlorene', mits so n persoon gewillig is om vir God n kans te gee om Sy Persoon blywend te transformeer - om ewige vrede te ervaar.

Jak 5:16 Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige ***gebed van 'n regverdige het groot krag.***

Hierdie 'amper verlore' siel is afhanklik van getroue gelowiges wie se gebede verhoor word.

Die grootte van God se genade het nie perke nie. Sy liefde vir naaste word deur hierdie toegewing bevestig. Kom ons ywer liewer om regverdig te word, om ander te laat leef.

Laat ons dan stil word en die wil om te hoereer (te skik) met ander gelowe, na die kruis bring.

Kom ons kruisig ons eie gedagtes en laat toe dat die Gees ons oortuig van God se mag.

Kom ons kruisig die twyfel oor Sy krag en laat toe dat Sy Gees ons verheerlik.

Moenie dat ons eie wil en denke die rede word vir 'veragtering' nie.

IS JY WAARLIK VRY ?

Joh 8:32 En julle sal die waarheid ken, en die ***waarheid*** *sal julle* ***vrymaak.***
Joh 8:36 As die ***Seun*** *julle dan vrygemaak het, sal julle* ***waarlik*** *vry wees.*

Baie van ons getuig van Jesus as ons Verlosser. Ons verkondig selfs Sy evangelie, maar tog geniet ons nie die mate van vryheid wat verskans is in God se beloftes nie. Hoekom nie ?

Wanneer ons **vers 32** hierbo lees, merk ons dat 'vrymaking' afhanklik is van die 'kennis van die waarheid' en daarom moet n mens die betekenis van beide die woorde 'vrymaak' en 'kennis van die waarheid' ontleed. Sodoende sal ons uitvind of ons nie miskien self die skans veroorsaak wat die gedurige beloftes van vrymaking demp nie.
Ook in **vers 36** merk ons dat daar klem op twee woorde is - 'Seun (Jesus)' en 'waarlik'.
Hierdie insetting beweer dat as Jesus jou vrymaak, jy waarlik (regtig, sonder onwaar, sonder gebrek) vry sal wees.

Geestelike waarheid is gekoppel aan die feit dat God se deernis vir sy skepping, sy naaste, so groot is dat hy bereid was om sy lewe te offer sodat ander n vry lewe kan geniet.
God het homself verneder tot die mate van n natuurlike mens en homself Jesus, die seun van God genoem. **Neem kennis dat 'seun' in Grieks 'to build the family name' beteken.**
God se plan was om die vrede, goedheid en seën wat in sy integriteit gevind word ten toon te stel, deur Jesus in persoon aan die mensdom voor te stel en hom as Seun Jesus te gebruik om die seën wat in die boom van lewe te vinde is, te verklaar. En so word God se begeerte bewaarheid, om n Godvresende familie stamboom met n natuur eie aan Homself, te skep.

Joh 1:18 Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar.

Jesus het God se waardes kom bekragtig deur n toonbeeld van verwagte gehoorsaamheid te word deur die geregtigheid in God as Persoon (sy heerskappy, liefde en sy krag) te verklaar - n verwysing na die Vader, Seun en Heilige Gees wat begeer om n groter familie te skep.
Die Seun is in die Vader en albei heers deur die werkende krag van die Gees, dieselfde Gees wat lewe op aarde gevestig het nadat God versoek het dat die seën in sy weldeurdagte plan verlig moet word - Gen 1:3. En nou gebruik God vir Jesus om die pad na vryheid te verlig.
Deur gewillig die Gees van Sy Vader aan te neem, gehoorsaam te bly terwyl Hy ly, het Hy verander van natuurlike tot geestelike wese en so het Jesus die volheid van die Godheid verklaar. En deur Sy getroue deursetting kry diè wat Hom volg, dieselfde voorregte.

Kol 2:9 *Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik;*
:10 *en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag;*

Jesus se getrouheid het gesorg dat God hom as n modelpatroon vir toelating tot n Paradys lewe beskou - 'Paradys' in Grieks - 'n plek van toekomstige geluk'. Hierdie geskenk het die deure na verlossing en vryheid oopgemaak vir die gewone mens op aarde - en daarom is Jesus die grootste geskenk wat enige iemand kan ontvang. Sy Gees het kennis van die ware gebeure in Jesus se lewe en is n getuie van die metamorfose van Jesus se liggaamlike verandering.

Jesus het bewys dat n oorwinning oor die liggaam, verlossing en bevryding bring deurdat God die kliphart vervang met n vleeshart. Die vleeshart is gevoelig vir seerkry en laat n deur oop vir versoening deur bemiddeling, daarenteen buig of bars die kliphart nie.
Die verandering na vleeshart elimineer die tradisie om God se gebooie fisies te leer en fisies te doen. Tradisie word vergelyk met n godsdiensgees in beheer, waarvolgens die ou Testamentiese geloofwaardigheid die letter navolg.

Rom 7:5 *Want toe ons in die vlees was, het die sondige hartstogte wat deur die wet kom, in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra.*

:6 Maar nou is ons ontslae van die wet waardeur ons gebonde was, aangesien ons dit afgesterf het, sodat ons dien in die nuwigheid van die Gees en nie in die oudheid van die letter nie.
Rom 8:23 En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onsself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam.

Die natuurlike (fisiese) en die geestelike (verheerlikte) verstaan nie mekaar nie, want die natuurlike se denke is nie verander na die denke van Jesus s'n nie. Die geestelike word beheer deur God se persoonlike Gees, waar die natuurlike gelowige eie beheer toepas omdat hy self besluit wat eerbaar, regverdig, lieflik en loflik is. Hy leer oor God, maar pas nie toe nie.

Rom 8:5 Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge.
Fil 3:20 Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus,

God roep ons terug na sy Paradys vir ewige geluk, maar ons moet eers verander tot die mate van Christus se beeld. Om ons hiermee te help, word Jesus se reeds verheerlikte siel tot ons beskikking gestel deur sy Gees aan te kleef, - om ons heilig vir die Here voor te berei.
Dit is duidelik uit hierdie boonste insettinge dat geloof in die waarheid oor God se bestaan, Sy wil en Sy begeertes, kalmte en gemoedrus kan verskaf. Dit is asof n tevredenheid oor n mens kom, want enigiemand wat soveel deernis betoon om te help, se goedhartigheid en betroubaarheid dwing respek af.
Tog lê die oorwinning nie net in geloof nie, maar in geloof en werke.

Jak 2:24 Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie?

En dit is hoekom vers 36 aan die begin van hierdie opsomming sê - 'as Jesus, die Seun, jul vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees'.

Die oorwinning lê dus in die persoonlikheid van Jesus. Enigiemand wat sy persoonlikheid aanneem sal gered word, sê die Vader. Nie half aanneem nie, maar die volheid daarvan, soos die Godheid verorden het. Om net van Jesus te weet is nie genoeg nie. Sy werk bring vryheid.

Eerlikheid bring verlossing van gewete en daarom moet ons besef dat God deursigtige vereistes stel vir aanneming van Sy persoon. Sy Persoon bestaan uit n drie-enige Godheid soos vroeër genoem en Hy is bereid om die verlossing wat sy geaardheid meebring met diè te deel wat Hom en sy gemoed aanhang. En Jesus is hierdie deur tot God se koninkryk.

Daarom moet ons eers Jesus se geaardheid ondersoek voor ons selfondersoek kan doen - of ons wel kwalifiseer as erfgename en of ons nie miskien onbewustelik deur naiwiteit reeds onterf is nie.
Die beste toets is die eerlike toets van introspeksie, rakende n betekenisvolle lewe -

'Wat sou Jesus doen' is betekenisvol, want as ons doen wat Hy sou gedoen het, ken ons nie net die waarheid nie, maar doen ons ook wat God sou doen in enige uitdagende situasie.
Die uitdaging is dus om die produk te ken, want daardeur kan mens dit verkoop aan ander.
Die produk is Christus Jesus. 'Christus' wat 'Verlosser' of 'Gesalfde' beteken.
Jesus moet ons bevry van verwarring van identiteit. En God verwag dat ons Sy identiteit moet verklaar deur die laste van mekaar te dra en so die wet van Christus te vervul - Gal 6:2...
Dit beteken om altyd milddadig (ruimhartig) te gee
Om gedurig geduld toe te pas wanneer ander sukkel om beheersd op te tree
Om altyd met n blye gemoed na ander te luister
Om gedurig vrede te bemiddel
Om altyd vriendelik met almal te verkeer
Om altyd met sagmoedigheid en selfbeheersing ander se vertroue te wen
Om gedurig met nederigheid deernis toe te pas.

Gebrek om hierdie gesindhede te betoon, sal verwarring en straks tweedrag meebring. Tweedrag bring vyandskap en liefdeloosheid na vore. God se integriteit behels om -

'Alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is—watter deug en watter lof daar ook mag wees, te bedink' - Fil 4:8.

Dit is wie en wat Christus voor staan. Jesus het Christus geword nadat hy die verlossing van die liggaam oorkom het (Rom 8:23 vroeër), deur gehoorsaam te bly aan die Gees wat hom gelei het tot die volle mate van heiligheid soos deur God versoek word -

1 Pet 1:15 Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word,

:16 omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig.

Dit is ook alom bekend dat dit God se wil is dat ons as gelowiges hierdie roeping van heiligmaking suksesvol moet aflê. Dit is Sy wil dat ons soos Jesus moet word, sodat God sy aangenome kinders kan geniet en gemeenskaplik met hulle kan verkeer.

God het die wêreld en sy uitspansel gemaak sodat diè wat hom respek betoon, sy skepping in vrede kan geniet. Dit kom egter nie sonder n prys nie. Dit kos opoffering, want ons moet groei in grootte en wysheid en genade ontvang om vry te kom van struikeling (2 Pet 1:10).

Struikeling ? Ja, want die mens struikel wanneer hy nie Jesus se persoon in volheid toepas nie. Godsvrug word gedra vir ander se voordeel. Kennis hoe om dit te dra is verborge in die waarheid oor God se plan waarin Jesus se familie gebruik word om siele vry te maak.

Jesus beklemtoon juis in Mat 12:50 wie sy familie is -

'Want elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is, dié is my broer en suster en moeder'...!!

DIE SEëN EN VLOEK VAN VADERSKAP

Psa 103:13 Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees.

Dit is duidelik dat 'liefde vir mekaar' hier ter sprake is. Ons moet egter begryp dat liefde nie n eenvoudige naamwoord is nie. Om **ware liefde** te betoon, beteken om **respekvol** uit te vind wat die behoefte is van n ander, dan **eervol** kennis opdoen om n antwoord vir die behoefte te verskaf en dan die kennis in werke oorsit, sodat die behoefte versadiging kan bereik. **Ontferm**, **eer** en **respek** is dus onlosmakend in die toepassing van 'liefde.'

Wanneer jy jou ontferm oor iemand, beteken dit jy gee om oor die wel en wee van so n wese.
Om te 'ontferm' is dus om 'respek en eer' te betoon, asof jy die belang van die ander hoër stel as jou eie nood.
Wanneer n mens eer betoon aan n ander, dan glo jy in sy vermoë en met respek sal n mens so iemand se werke wil verklaar. Hoekom ? Omdat dit tevredenheid aan ander verskaf, want wanneer almal tevrede is, is almal gelukkig en hoe meer mense gelukkig is hoe gemakliker is dit vir almal om in harmonie saam te leef.
Dus, - geloof in die seën wat goeie werke verrig, sal jou noop om inligting te bekom oor die oorsprong van 'goedheid' en die kragtige werking daarvan.

Kom ons vind uit hoe en waar het hierdie seën ontstaan.

Gen 1:1 In die begin het God die hemel en die aarde geskape.
:26 En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.

Ons merk dat God hom ontferm oor sy skepping en iets doen omtrent dit. Hy besluit om heersers oor sy skepping aan te stel. Mens en dier word nou ook deel van God se naaste, want alles uit God is goed en is na aan hom.

As verteenwoordiger kry die mens die voorreg om hom ook te ontferm oor God se skepping, met die verwagting dat hy daaroor sal heers met dieselfde ontferming as wat God toegepas het toe hy alles geskep het - dus n toepassing van Goddelike liefde.
Ons is ook vandag deeglik bewus van wat hierna gebeur het. Die eerste mense, Adam en Eva, het afvallig geword as gevolg van ongehoorsaamheid. Hulle was nuuskierig oor die verborge vrug en hul ongeduld het veroorsaak dat hulle die voorreg verloor het om te heers waaroor hulle aanvanklik aangestel is.

Die gevolg was dat die mens die voorreg behou het om voort te plant, maar na die gelyke en beeld van hulself en nie meer na God se beeld en gelyke nie.
Eers moet ons met insig bedink wat 'gelykenis' beteken -
dat God n geesgewaad het en dat Adam en Eva ook in geesgewaad was, maar deur hul sonde het hul gewaad verander tot n natuurlike fisiese gewaad.
En so met hul 'beeld'...
Liefde is uit God gebore. Sy hele wese straal ontferming, eer en respek uit. Deernis se ontstaan is uit die boesem van God se hart, want Christus Jesus is uit die boesem van Sy Vader. Sy Persoon, die Heilige Gees, verklaar sy karakter deur sy werkende krag wat geregtigheid bewerk in alles - reg of verkeerd, goed of kwaad, seën of vloek.

Gen 5:3 *Toe Adam honderd en dertig jaar oud was, het hy 'n seun verwek na sy gelykenis, na sy ewebeeld, en hom Set genoem.*

Die transformasie van Adam en Eva het tot gevolg gehad dat die mens gedurig n sondige lewe gelei het. God se goeie is vervang met die goed en kwaad. God het daarna tydelik toegelaat dat Sy Gees sekere uitverkorenes betrek, meestal om Sy grootheid te bevestig of te bekragtig, maar nêrens staan daar geskrywe dat enige mens voor Jesus se koms, gedurige besit van God se Gees geniet het nie. Jesus was die eersteling.

Dit is nou ook nodig om te verstaan wat die woord 'seun' in Grieks beteken.

Vertaal in Afrikaans beteken dit - 'om die familie stamboom te help uitbou'.
Neem in ag dat hierdie 'Seun Jesus' verwek is deur die saad van God by wyse van Geestelike inseminasie en gebore deur middel van die natuurlike mens, Maria. Dit maak Jesus halfmens, halfGod.
En dit is presies wat Vader van ons verwag - om as halfGod, halfmens te heers oor Sy skepping. Die permanente toelating van God se Gees in onsself, die goedkeuring dat Hy ons lei, sal die voorreg van n Geesgedrewe natuurlike mens tot stand bring. Presies wat God ingedagte gehad het toe hy Jakob se naam verander het na 'Israel', wat 'om te heers soos God' beteken,. Deur Jakob se ywer om God te leer ken, het hy tesame met Abraham en Isak, ook die voorreg bekom om as stamvader die saad van Goddelike integriteit te kan saai.
Dit is juis oor hierdie verhale dat ons introspeksie behoort te doen en onsself afvra -
ontferm ons onsself oor dit waarvoor ons geskape is ?
Het ons die vermoë bekom om te heers oor die kwaad of is ons steeds slawe van die vlees ?
Kwalifiseer ons vir God se ontferming, want hy is ferm wanneer hy verklaar dat hy homself ontferm oor diè wat hom vrees. Ontferm ons onsself oor Sy gebooie ?.
Besef ons dat God verwag dat ons gelyk aan sy beeld as Vader en Seun moet word ?.

Nou kom ons toets onsself of ons kwalifiseer vir God se genade.
Wat beteken dit om God te vrees ?.

Spreuke 6:16 *Hierdie ses dinge haat die HERE, en sewe is vir sy siel 'n gruwel:*
:17 trotse oë, 'n leuenagtige tong en hande wat onskuldige bloed vergiet,
:18 'n hart wat onheilsplanne beraam, voete wat haastig na die kwaad toe loop,
:19 een wat as valse getuie leuens uitstrooi en tussen broers tweedrag saai.

Spreuke 8:13 *Die vrees van die HERE is om te haat wat sleg is; hoogmoed en trotsheid en 'n slegte wandel en 'n huigelagtige mond haat ek.*

Die waarheid is dat God nie voortplant in n onrein domain nie. Hierbo vertel God wat hy haat en dit beteken dat hy nie sal toelaat dat sy Gees volwassenheid bereik in n onrein saadhuis nie. Dit beteken dat n onvolwasse saad nooit die volheid van God se goedheid sal ervaar nie.

Dit beteken ook dat so n onvolwase persoon nooit die saad van Geestelike vaderskap kan oordra nie. Dit is as gevolg van die gebrek aan kennis en naiwiteit oor reinheid, dat daar so baie misgewasse, lammelinge en deugniete is wat gesinne grootmaak en nutteloos skepsels (kinders) baar wat waardeloos en nutteloos word in n samelewing wat vrede nastreef.

Sulke mense word deur God as onbestendig en dubbelhartig gebrandmerk.
Hoekom ?
Omdat so n mens toegelaat het dat die saad van tweedrag gestalte kry in sy wese deur toe te laat dat die duiwel twyfel oor God se almag, reinheid en ontferming vestig.

Jak 1:6 Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word.
:7 Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie—
:8 so 'n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë.

Dus, almal wat hulself skuldig maak aan die slegte gewoontes soos in Spreuke hierbo, sal nie vaderskap of seunskap in God se domain geniet nie en word dus nutteloos vir Goddelike nalatenskap. Dit beteken ook dat diè wat hulself skuldig maak aan hierdie slegte geaardhede, ook nie die vrug van die 'hemel' sal geniet nie. 'Hemel' of 'Paradys' se betekenis in Grieks staan bekend as 'plek van toekomstige geluk.'
Neem kennis dat by geboorte ontvang ons beide die goeie en die kwaad, maar nie die vermoë om onderskeiding tussen die twee te beoordeel nie. Slegs die Heilige Gees kan die Goddelike onderskeiding meebring en wanneer die mens twyfel in God se plan, wil en vermoë, gee die mens toestemming aan die duiwel om die goeie gedagtes te vernietig.

'Toekomstige geluk' of 'hemelse paradys' beteken eenvoudig dat die gehoorsame gelowige weereens die kans gegun word om soos Adam en Eva vreedsaam met God te verkeer.
Dit is steeds God se plan dat die gelowige weer heerskappy oor Sy skepping mag geniet. Alhoewel die mens nou n fisiese liggaam besit, kan hy regmatig soos Jesus ook n geestelike liggaam besit - soos n 'twee in een' - halfmens en halfGod. Met ons fisiese dood sal die geestelike siel voortleef en steeds gebruik word om soos engele ontferming te beoefen.
En dit is alles te danke aan die liefde wat God openbaar aan diè wat hom liefhet, hom eer en hom respekteer omdat Hy Homself gedurig oor die mens ontferm wat hom vrees.
Om dus getrou aan God se ingeplante woord (die Heilige Gees) te bly, sal gevolglik ewige toekomstige geluk meebring. Wanneer enige mens gehoorsaam God se Gees se leiding aanvaar, lei Hy die mens na groen weivelde waar rus en vrede heerskappy voer.
In hierdie weivelde is genoeg geestelike voedsel en die Beskermer van die Paradys is alewig teenwoordig, want Hy ontferm hom oor sy naaste deur die regte voedsel en denke te verskaf.

So, wat is ons les uit hierdie opsomming ?.
Ons moet besef dat as ons nie Goddelike liefde toepas nie, ons nie ontferming van God kan verwag nie. Die natuurlike mens se waardes verskil van diè van God s'n. Die natuurlike mens se mate van liefde is ook verskillend van God se mate van liefde.
Soos ons in die begin gemerk het word daar verwag van die mens om minder te word sodat sy mede meer kan word. Dit is n enorme uitdaging en die mens kan dit alleenlik vermag deur God se hulp in te roep. Dit doen n mens deur belydenis en eervolle respek vir God as Leier.

Die swaard van God se geregtigheid sal die oordeel fel oor dit wat reg of verkeerd is. Sy geregtigheid is verborge in sy Seun se evangelie en almal wat sy verlossende boodskap en raad volg, sal n hemelse ervaring geniet - Die mate van ontferming bepaal dus ons geluk.

RECONCILIATION

Reconciliation = the restoration of friendly relations.
= the action of making one view or belief compatible with another.

How old is the act of reconciliation ?

It started when God barred Adam en Eve from enjoying the benefits of a free and peaceful life, a Paradise life, a life of ever future happiness.

Did God give them a chance to reconcile?. Yes.

God did not cast them out without giving them an opportunity of reconciliation. His love for His fellow creation made it possible for mankind to return to a life of future happiness. Note that the word 'Paradise' means 'a life of future happiness'. There is a catch however. God said that if they could renew their minds to become like Him again, they could return to His Paradise.

What did Adam and Eve do to receive such a judgement ?.

They were disobedient to the values that God supplied them to obey :
always love one another, always listen to one another, always share any ideas with one another, always care to uplift one another.
We are supposed to always have compassion for one another, always caring for one another and most of all, always be alert that God has created us to resemble Him and that He has put His good in our souls and therefore He should always be part of any deeds we do or want to do. Fact is, this is how we become part of the Trinity, returning to 'future happiness'.

What does Trinity have to do with reconciliation ?.

God is made up of three entities/beings. The FATHER, SON AND HOLY SPIRIT. His expectation is that man should make use of the Trinity's power to overcome. The Father is the Creator, but cannot supply without the love of Christ, the Son, and They cannot produce without the power of Their Spirit. Their aim is to preserve Their creation, giving mankind the opportunity to ensure sustainability.

We as human beings are also made up of a trinity - mind, will and emotions.
We are also spirit controlled and should be obedient to the Trinity's values.
Our mind can be transformed to God's mind. We can select to love like the Son.
We can rule over evil with the aid of God's Spirit and overcome bad emotions.

Why has reconciliation failed in our country and in other countries?.

During the past years man has tried to reconcile with one another. However, they neglected to use God's values when they tried to agree with one another. Remember, God's values must be transparent and all should agree to the fact that one should 'do to others that you want to be done to yourself' - Mat 7:12.. So what we are saying are that it seems that people cannot keep their promises. They really want reconciliation, but their word is good for only a little while.

Why is carnal reconciliation only for a short time?.

Because people tend to forget. Why do they forget? Because they do not act with a righteous spirit as they rely on their own understanding. They say they have forgiven, but actually they do not forget. Resentment in turn brings forth bitterness, emotional depression, spiritual decay and/or regular illness.

What is my recollection of reconciliation in our country ?.

I learned in school of the battle of Blood River in 1838 and was taught that the whites vowed God because He helped them that day during the battle. They called it 'The day of the Vow' and the whites celebrated this day annually.
After 1994 this celebration changed name to 'Reconciliation day' and is currently being celebrated every year. This holiday is about promoting reconciliation and national unity between different racial groups. I am also aware that after 1994 when a new government was formed, the 'Truth and Reconciliation Commission' was formed to enhance the spirit of forgiveness between whites and blacks.

What good came from this commission ?.

It gave the ethnic groups the chance to forgive each other because during the battle to dominate, using apartheid to prevail, each group had their own agenda and manner of behaviour towards each other.

Was this commission successful ?.

In my view no. Had it been successful, hate against each other would have disappeared by now. It is obvious to me that there is still a lack of forgiveness and that resentment is the order of the day. The respect of spiritual unity - to do to others, that you want to be done to yourself, is lacking in intellectual ability.

Why is this precept so important ?.

It originates from the beginning of creation when God said -

'Let Us (Father, Son and Holy Spirit) make mankind in Our image, after Our likeness and let them have complete authority over the fish of the sea, the birds of the air, the tame beasts, and over all of the creeps upon the earth' (AMP - *Gen 1:26; Ps 104:30; Heb 1:2; 11:3).*

Why would God say *'I'll forgive and forget'* and not expect us to do same?.

God is Spirit and we should meditate on his Word with likeness. The above inserts in Gen 1 must therefore be understood as follows - *'have complete authority over'* - worldly people (fish of the sea); demons (birds of the air); compromising people (tame beasts); provocative people (creeps).

When one meditate on the above ordinance, one realizes that God's will is to have communion with His human creation. His desire is to share ideas, to listen to us, to show respect for our ideas, to always be available to help with wise inputs, to help to overcome our iniquities through forgiving and forgetting.

The opposite should also apply - we as humans should also care to listen to God in His Triune likeness. We should also desire to always share ideas with Him, always be available to help when He need us, always care and check if we apply His righteousness. Forgiving without resentment gives honour to His integrity.

So, when *God says - 'love your enemy'*, we should meditate on His challenging request. We should find time to discuss differences, not only with God, but with our fellowman as well - each and every time, zealously restraining resentment that could arise from different opinions. Remember why Adam and Eve was thrown out of Paradise ? They did not confer with God ..!, clarifying that those who avoid reconciliation, won't enter Paradise (future happiness) - Gal 6:2-5.

Man's spirit has been demoted to a carnal level after Adam and Eve left Paradise. Adam and Eve brought forth children to their own likeness and image, as quoted in Gen 5:3 and subsequently we are all born in the likeness and image of Adam end Eve, but God's loving, kind, caring and compassionate attitude has made it possible for mankind to be transformed back to a caring culture with a purified nature, filled with God's holiness.

God's character is one of reconciliation as we have discussed already. He is the One who first showed compassion to mankind and His Love (Christ) makes it possible to reconcile with a humble attitude. His Spirit is always available to inflict our carnal spirit to the full measure of Christ Jesus, as soon as we humbly surrender our mind for renewal and transformation.

It is important to note that God did not put any pressure on Adam and Eve to accept His invitation to reconcile. Their consciousness of the peacefulness in Paradise convicted and persuaded them to zealously honour God's request for reconciliation - the privilege to overcome ever death - Phil 3:10-11.

Eph 3:18 (18-19) TPT - Then you will be empowered to discover what every holy one experiences—the great magnitude of the astonishing love of Christ in all its dimensions. How deeply intimate and far-reaching is his love! How enduring and inclusive it is! Endless love beyond measurement that transcends our understanding—this extravagant love pours into you until you are filled to overflowing with the fullness of God!

It is notable that God's idea of reconciling does not mean to celebrate an once-off peacemaking deal. Nothing wrong celebrating such a treaty or event, but be assured that this reconciling between man and nearest should become an everyday way of living and celebration. Consulting with God's Spirit, sharing His wise advice with others, shall bring blessings man has never experienced -

Isa 25:8; 35:10 - God will wipe away every tear from their eyes; and death shall be no more, neither shall there be anguish (sorrow and mourning) nor grief nor pain any more, for the old conditions and the former order of things have passed away.

EK WIL HUIS TOE GAAN

Dit is gewoonlik wat ons sê as ons oor die dood praat, maar waar is hierdie huis waarna ons so graag wil gaan en wie word toegelaat ?.

God verwys na Sy huis as n heilige stad…

Open 21:9 En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam.
:10 En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die ***heilige Jerusalem****, wat uit die hemel van God neerdaal;*

Jerusalem is waar Jesus gekruisig was. Dit is hier waar Hy opgestaan het uit die dood in n verheerlikte liggaam. Dawid was ook koning van Jerusalem. Die ark met die wette daarin is ook begrawe in Jerusalem. Dink aan heiligheid, dan dink mens aan Jerusalem.

Jesus verwys na hierdie huis as n Paradys koninkryk. Hy bevestig dit aan die man aan die kruis langs Hom -

Luk 23:42 En hy sê vir Jesus: ***Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom.***
:43 En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die ***Paradys*** *wees.*

'Paradys' beteken dus God se koninklike stad - die heilige Jerusalem.
Dit is n nie n werklike tasbare stad met geboue nie, maar n geestlike illusie vervul met n aura van vrede en geluk. Die Hebreeuse vertaling bevestig ook dat 'Paradys' - 'n plek van toekomstige geluk' beteken.
Hierdie 'hemelse plek van geluk' is n emosionele belewenes waar almal en alles saamwerk om gedurige vrede en geluk te verskaf.
Ons kennis oor 'hemel' bring gedagtes van engele wat vrylik beweeg en sweef en gedurig lofsang bring aan God in sy koninkryk.

En Jesus bevestig dit daadwerklik wanneer iemand vra wat gaan gebeur as hulle fisies sterf -

Mat 22:30 Want **in die opstanding** *trou hulle nie en word ook nie in die huwelik uitgegee nie, maar is* **soos engele van God in die hemel.**

Hieruit blyk dit dan wel dat diè wat dit maak tot in die Huis van die Here (opstanding), sal gedurig soos engele diens doen. Dit is dus sinvol hoekom ons nou reeds n geleentheid gegee word om ons siele tot die mate van Jesus s'n te verander. Jesus is geskep om n voorbeeld te stel wie toegang tot God se koninkryk gaan kry. Dit is daarom belangrik om die woord 'liefde' te definieër.

Almal wat Jesus se voorbeeld van barmhartigheid volg, sal gered word.
As n mens Jesus se liefdevolle leefwyse betrag, word mens bewus van woorde soos nederig, barmhartig, geduld, selfbeheersing en deernis - karaktertrekke wat gekoppel kan word aan goeie en vreedsame emosionele belewenese -

Ons weet reeds uit ondervinding dat n goeie belewenes se oorsprong van n tevrede gemoedstoestand is.

Wanneer is n mens tevrede ?
Wanneer n mens gelukkig is.
Wanneer is n mens gelukkig ?
Wanneer n mens goed voel oor jou denke en dade.
Wanneer is denke en dade goed ?
Wanneer n mens die gevoel kry dat jy **regverdig** optree teenoor jouself en ander - **onpartydigheid is deel van geregtigheid.**
God verduidelik hierdie toestand soos volg -

Mat 7:12 Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete.

Hoekom vra God hierdie gesindheid ?.

God wil hê ons moet begryp dat hierdie gesindheid n voorwaarde is om sy Koninkryk/Huis/Paradys te betree. Hy is lief vir almal en gee almal n kans om sy huis te betree, almal wat lief is vir Hom en naaste (doen wat Hy sou doen) en ywer om nie gedurig als te betwyfel nie. Glo soos n kind - toets die Woord.
Nou kom ons kyk wat het Jesus se mede-gekruisigde gered -

Luk 23:39 En een van die kwaaddoeners wat opgehang is, het Hom gesmaad en gesê: As U die Christus is, verlos Uself en ons.

:40 Maar die ander een antwoord en bestraf hom en sê: Vrees jy ook God nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is? —

:41 ons tog regverdiglik, want ons ontvang die verdiende loon vir ons dade, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie.

Ons merk dat die 'geredde' kwaaddoener besef het dat hy onregverdig geleef het en dat hy erken het dat Jesus n goeie en regverdige gesindheid betoon het. Die klem val op regverdig in hierdie bekentenis, maar die deurslag is die versoek van genade.

Dit word ook duidelik uit hierdie getuienis dat n mens nie n leraar hoef te word om God se Koninkryk te betree nie, maar dat die mens wel moet leer om gedurig goed te doen aan God, jouself en mede. Om goed te doen aan God beteken om hom tevrede te hou.

Hoe hou n mens God tevrede ?
Deur gehoorsaam sy gebooie te doen.

Hoe doen n mens dit ?.
Offer jou eie gewete op en laat toe dat God se Gees jou siel (wil, denke en emosies) tot die vreedsame mate van Jesus s'n verander.
Gedurende hierdie heiligmakende proses sal jy agterkom dat jy van nature n gewoonte aankweek om't luister na ander se klagtes en kwale, versigtig jou woorde kies, gedurig ywer om selfbeheersing toe te pas, vriendelik ander se stories aanhoor, sodat hulle aangetrokke tot jou sagmoedige geaardheid word.

Ongeduld word vervang met lankmoedigheid, wat nodig is wanneer ander te veel kla. Rassisme en partydigheid verdwyn, want eenheid vorm sterk mag.

Hoekom sal n mens die gewoontes van ander moet aanvaar ?.
Omdat dit deel vorm van onpartydigheid en versoening.

Jak 2:9 Maar as julle partydig is, doen julle sonde en word deur die wet as oortreders bestraf.

Wat weet ons wat in n ander se kop aangaan? Ons weet nie, net soos ander nie weet wat in ons kop aangaan nie.
God weet wel wat in almal se koppe aangaan en daarom vra hy dat ons die oordeel vir hom moet los.

Ons word versoek om God se werk in ons te verklaar. Wanneer God se Gees ons gemoed verbly, verwag God dat ons daardie vrug ten toon moet stel en met blymoedigheid ander beindruk, sodat hulle nie miskien ook die raad volg om onderdanig aan God se waardes te word nie.
Die volg van hierdie patroon sal meebring dat daar n menige enigheid tussen gelowiges sal kom, want as almal gehoorsaam dieselfde Gees se raad aanneem, sal daar nie onenigheid kan wees nie. God is immers dieselfde gister, vandag en mòre en sy Gees leer almal dieselfde geregtigheid oor God se waardes.

Nou dan, waar is hierdie huis na fisiese afsterwe?
By Jesus - as ons God se gebooie regverdig gevind het en Hom gevra het om aan ons te dink sodat Sy Gees ons siel kan verheerlik.
Of
by n ander huis - waar gedurige ongelukkigheid heers omdat die mens te hoogmoedig was om sy ongeregtigheid te erken.

Wat is die minste wat ons moet doen om na die regte huis te gaan ?.
Ons moet nederig ons eie ongeregtigheid erken, God se soewereine geregtigheid aanvaar en sy genade versoek.

DIE KRAG IN DIE WOLKE

Mat 26:64 Jesus antwoord hom: U het dit gesê. Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel.

Jesus antwoord op n vraag van n Hoëpriester wat wil weet of Hy die Christus, die Seun van God is.
Kom ons bestudeer die onderstreepte woorde in die boonste vers -

Almal - Jesus verwys na die *hele mensdom*, nie net na die priester en sy gevolg nie.

Seun van die mens - hou in gedagte dat 'seun' / 'son' se betekenis in Hebreeus is - 'om die familie se naam (integriteit) behoue te laat bly' / ''to build the family name'.
Die doel is dat die erfgename of familie die oorspronklike stigter (vader) se werk moet respekteer en met eer en ywer poog om dit wat geskep is, uit te brei en vermeerder. Die vrug van hul werke moet ander motiveer om dit wat verniet bekom is, te waardeer.

God is natuurlik hierdie Geestelike Vader en ons as gelowiges, wat aangeneem word as Sy kinders, moet Sy geskenke gedenkwaardig behoue laat bly. Om dit te doen moet ons eers poog om die doel agter Sy plan te verstaan. Word bewus dat om n kind van God te word, moet ons Jesus se karakter aanneem. Die krag in Jesus se Gees is vrywillig tot ons beskikking.

Jesus verwys na Homself as die 'Seun van die mens' omdat hy nog nie sy laaste asem op aarde uitgeblaas het nie en daarom moes hy na homself verwys as iemand wat besig was om God se integriteit te verklaar. Na Sy dood het hy volwaardige geestelike voordele bekom.
En so is dit met ons ook. Terwyl ons fisies op aarde leef moet ons God se erfporsie waardeer.

Sy integriteit is ons erfporsie en ons moet hierdie waardevolle geskenk beskerm en verklaar. Getroue diensknegte sal ook met verheerlikte liggame geseën word na hul fisiese dood.

Sit aan die regterhand van die krag van God - Wat beteken dit om aan die 'regterhand' te sit ?
Dit is guns. Dit is wedersydse vertroue tussen partye. Die een vertrou die ander met geheime.
Dit is nie God self nie, maar sy krag waarvan Jesus melding maak.
'Krag' kom van n liggaam en dit is deel van God se wese. 'Regterhand' verteenwoordig God se hulp wat versoening bewerkstellig. Wanneer het Jesus aan die regterhand gaan sit ?.
Na Hy opgestaan het uit die dode - na hy alle vleeslike begeertes gekruisig en begrawe het.
Ons is dus afhanklik van die krag van God om deelvormig te word aan God se erfporsie.
Hierdie **'krag van God' of 'Gees van God' of 'Heilige Gees'** soos ons Hom ken, moet ons help om ontslae te raak van die vleeslike begeertes van ons siel. **Hy sal gewilliges help en dien.**
Dit meen dat ons wil, denke en emosies verander sal word tot die volle mate van reinheid wat in Jesus is, voordat ons kan roem op n Goddelike erfporsie in Christus se liggaam.

Om sover op te som dan -

Jesus sê aan die priester hierbo op bladsy 1 -
Dat **almal** sal besef dat Hy as voorbeeldige Leierfiguur hier gestel is **(Seun van die mens)** om die mensdom by te staan **(met krag van God)**, terwyl hulle opgelei word om wysheid te bekom sodat hulle ook Geestelik verreik kan word en sodoende God se hulp **(regterhand)** kan word om Sy wil, denke en emosies (Sy Siel) te verklaar, te bevorder en behoue te laat bly.

Kom op die wolke van die hemel - is dit fisiese wolke ?

Nee, want God is gees en wanneer n mens die natuurlike prysgee vir die geestelike, dan verander die wil, denke en emosies. Die natuurlike mens se 'hemelse gevoel' word geinspireer deur n ervaring wat sy vyf sintuie meebring, waar **die geestelike mens sy sintuie ook toepas om ander waardig te laat voel , vreugde te verskaf en n Jesus vir hul te word.**

Psa 97:2 ***Wolke en donkerheid*** *is rondom Hom;* ***geregtigheid en reg*** *is die* ***grondslag van sy troon.***

n Geestelike ervaar ander hemele, want geloof in God kom in krag van reg en geregtigheid.
'Hemel' soos ons weet beteken - **'a place of future happiness'/n plek van toekomstige geluk'** en die **bekwame seuns van God** leef reine en vreedsame lewens en is gewoonlik **'in die wolke van geluk'**, n hemelse ervaring. Die gewone mens ervaar nie sulke **hemelse krag** nie -

Fil 4:7 *En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.*

'Engele bekleed met wolke' **(Open 10:1)** kan regverdige seën of straf bring wat evangelies die illusie skep dat engele ook as God se getuies, kragtige werke kan verrig.

Heb 12:1 *Daarom dan,* ***terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het,*** *laat ons ook* ***elke las aflê*** *en die* ***sonde wat ons so maklik omring****, en met* ***volharding die wedloop*** *loop wat voor ons lê,*

Job 36:27 *Want Hy trek waterdruppels af; hulle sif neer by sy mistige weer as reën*

:28 *wat die wolke laat neerstroom, laat afdrup op baie mense.*

:29 *Ja, kan iemand die uitspreiding van die wolke verstaan, die gekraak van sy hut?*

Psa 78:23 *En Hy het aan die wolke daarbo bevel gegee en die deure van die hemel oopgemaak;*

God se krag beklemtoon hier n wolk van getuies wat hemelse seën ontvang; die gekraak van blits beklemtoon sy ontevredenheid - sy teenwoordigheid word deur wolke van krag ervaar.

Exo 19:9 En die HERE het met Moses gespreek: Kyk, ***Ek sal in 'n dik wolk na jou toe kom****, dat die volk kan hoor as Ek met jou spreek, en hulle ook vir altyd aan jóu kan glo. Want Moses het die woorde van die volk aan die HERE meegedeel.*

God is dieselfde gister, vandag en toekomstig en dit verklaar hoekom Hy altyd in n wolkvorm sal verskyn. Selfs Jesus het God nie gesien nie, maar wel verklaar.

Joh 1:18 ***Niemand het ooit God gesien nie;*** *die* ***eniggebore Seun*** *wat in die* ***boesem van die Vader*** *is,* ***dié het Hom verklaar.***

Jesus erken dat hy afhanklik van die krag van God se Gees is om God te kan beleef/sien.
Ons moet ook besef dat God versoek dat ons n wolk van getuies moet word oor sy bestaan.

Exo 40:34 Toe het ***die wolk*** *die* ***tent van samekoms oordek,*** *en die* ***heerlikheid van die HERE*** *het die* ***tabernakel vervul,***

God se wil is dat **ons sy tabernakel moet word vir samekoms**, sodat ons **hom as wolk van heerlikheid kan beleef.** Vernuwing van gemoed sal meebring dat die vleeslike begeertes wat ons sintuie beinvloed, verander. Geestelikes gebruik ook hul sintuie vir suiwering van karakter.

Sien - om God se hele skepping te waardeer en te eer.
Reuk - om n soet geur en reuk van versoening vir God en naaste te word.
Proe - om die gawe van sout (aangename smaak) vir God en naaste te word.
Hoor - om die liefde wat God in ons geplaas het, te laat hoor en te verklaar.
Voel - om God en ander met barmhartigheid te eerbiedig.
Jesus bevestig dat die toepassing van hierdie karaktertrekke wel n doel dien -

*Psa 110:1 Van Dawid. 'n Psalm. Die HERE het tot my Here gespreek: **Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete.***

Die volwasse gelowige se doel is om te oorwin. Dit neem egter tyd.

Wat moet ons oorwin?.

Die vleeslike begeertes.

Waar kom dit vandaan ?.

Dit is demoniese magte met begeertes en hulle doel is om ons een met hul denke te kry.

Hoe oorwin n mens hierdie vyand ?.

*Joh 12: 26 **As iemand My dien**, laat hom **My volg;** en **waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees;** en **as iemand My dien, sal die Vader hom eer.***

*Rom 12:1 Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle **jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer** dit is julle redelike godsdiens.*

*:2 En **word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie**, maar word **verander deur die vernuwing van julle gemoed,** sodat julle kan **beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.***

Verander die ou manier van dink en **aanvaar dat Jesus met sy Gees diensbaar is vir een rede -**

om die vyand n voetbank vir jou voete te maak. God vra dat jy hom moet vertrou in alle opsigte. Sy krag sal jou denke in so n mate beinvloed **totdat** jy wyse besluite kan neem.

Hoe lank gaan die beproewing neem ?

Dit hang van jouself af. Onthou, mens kan nie halfwen nie en **God verklaar** juis in **Open 21:7** dat - **'diè wat oorwin, sal Sy seuns en erfgename word'.**

So, besluit self - Hoeveel van jouself gaan jy offer vir kruisiging? Net n gedeelte of alles ?.

Hoeveel van die wêreld se gewoontes gaan jy ontslae van raak ?. Net n gedeelte of alles ?.

Kennis oor die waarheid kan alleenlik deur middel van beproewing kom.
Jesus vra - leer God ken deur die 'kragtige evangelie van die wolk van getuies' te aanvaar.

*Fil 3:10 sodat ek **Hom kan ken** en die **krag van sy opstanding** en die **gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word,***
*:21 wat ons **vernederde liggaam van gedaante sal verander**, om **gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam** volgens die werking **waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.***

DIE KRAG IN DIE SAAD VAN GEHOORSAAMHEID

*Mat 4:1 Toe is **Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel.***

*:2 En nadat Hy **veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword.***

*:3 En die **versoeker** het na Hom gekom en **gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word.***

In vers 1 word Jesus versoek deur die duiwel.
Kom ons kry wysheid hoekom Jesus versoek word.
Jesus word versoek omdat hy geywer het om God se reg en geregtigheid ten volle na te streef - met die doel om in die wildernis tussen die kwaad te oorleef.

Mat 3:14 Maar Johannes het Hom ernstig teë gegaan en gesê: Ek het nodig om deur U gedoop te word, en kom U na my toe?

*:15 Maar Jesus het geantwoord en vir hom gesê: Laat dit nou toe, **want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul.** Daarna het hy Hom toegelaat.*

Hy vra om gedoop te word sodat hy God se integriteit ten toon kan stel.
Die volle waarheid oor die wil en plan van God is geanker in die Heilige Gees.
Hierdie Gees is vir alle gelowiges beskikbaar wanneer die ou natuur gekruisig moet word om die reinheid van God te bekom - n doop in God se Persoon.

Die 'doop' beteken om te beloof om te ywer om èen met God as Drie-enige Persoon te wil word. En wanneer die doop-belofte gedoen word, moet die toets geslaag word of die gedoopte die wêreld se versoekings kan weerstaan.
God verorden dat die mate van gehoorsaamheid in hom, ons sukses sal bepaal.

*Jak 1:21 Daarom, **doen afstand van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid,** en **ontvang met sagmoedigheid** die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red.*

Die Heilge Gees besit die vermoë om kennis van die waarheid te openbaar. Hy doen dit deur kontrole te neem van die 'gedoopte' se verstand en vestig die waarheid in die hart. Hierdie ingeplante woord hou ons Godsbewus wanneer ons in die wildernis verskeie uitdagings moet trotseer. Uitdagings bring stres, angs en verwardheid. Dit is wanneer die duiwel toeslaan en sy eie volgelinge gebruik om die 'gedooptes' te mislei deur dwase raad en fabels te verskaf.

In vers 2 kom die syfer 40 tot sy reg en beteken hier **'beproewing'.** Wanneer die mens beproef word, het hy wysheid nodig om sy onkunde te verreik.
Dit is daarom wys om God se hulp in te roep voordat enige dag begin word. God se hulp is in die krag van sy Gees verborge en ons is elke dag afhanklik van sy wysheid omdat die ongeregtiges ons gedurig beproef met hul dwaasheid.
Om versoekinge suksesvol te weerstaan moet die 'gedoopte' die volle waarheid ken en kan toepas en dit is waar die ingeplante woord van nut is.
God het Jesus bewus gemaak van die toets wat gaan volg na sy 'doop', dat die duiwel Sy geestelike wysheid en getrouheid sal wil toets. Na intieme kontak met God is Jesus reg om die duiwel te konfronteer, want die Gees is sy verstand (hart) en die vrug van die Gees vloei in sy are en dit verteenwoordig God as Woord.

Open 19:13 En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God.

Hou in gedagte dat almal in sonde gebore word. Dit beteken dat die mens van hierdie sondige natuur ontslae moet raak voordat die reg en geregtigheid van God n kulturele en natuurlike leefwyse word.
Dit beteken dat daar n verandering van gemoed moet geskied alvorens die sondige natuur in die mens verdwyn. Om dit te vervolmaak moet n mens oor ingeligte kennis van die waarheid beskik om die regte besluite te kan maak.
Die mate van vrede of vreugde is afhanklik van die mate van geregtigheid wat toegepas word. Daarom is dit belangrik om te besef dat die duiwel n houvas op elke nuwe geborene het en dat sy demoniese magte ywer om God se reine integriteit verborge te hou. As die demone daarin kan slaag om n skikking met die pas gedoopte kan bereik, dan weerhou hy n volle maat van vrede.

Hoe doen die duiwel dit ?
Hy gebruik iemand wat reeds geskik het en diè doen hom voor as n vriend.
Die duiwel se vriend is gewoonlik nie eerlik in raad nie. Meerderheid het reeds gefaal om n getroue weergawe van Jesus te wees en het teruggeval in die ou manier van dinge doen en beskou die 'nuut gedoopte' as n teiken vir oorreding.
Volwaardige mate van reg en geregtigheid is egter nie op hul agenda nie.
Die wêreld se mens is selfgesentreerd en selfsugtig en God is alom onselfsugtig.
Die duiwel se mense neem nie hul naaste in ag gedurende beproewing nie.

2 Kor 11:14 En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig.
:15 Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke.

In vers 3 kry ons n voorbeeld hoe slinks die duiwel kan wees.
Die versoek van die duiwel om klippe in brood te verander is n alledaagse gebeurtenis. Die gedoopte (ontvanger van God se geregtigheid) is teleurgesteld dat ander nie ook in die lig wil wandel nie, maar hy reageer steeds soos n kind en die duiwel se mens sien en weet dit. Die kind sal dit nie regkry om goeie maniere aan n grootmens te verduidelik nie en daarom is dit belangrik dat hierdie 'kind/gedoopte' homself aanvanklik in die regte geselsskap moet bevind.
Ervare kinders in die Woord sal help om getuienisse te lewer oor die strikke wat die duiwel stel om terug te val na die ou manier van denke en lewe. Die besluit om ou vriende se raad te vermy is egter nie so maklik nie, want die natuurlike mens is toegerus met n ingeboude sin van getrouheid aan beide on/eerlikheid.
Kom ons bekyk die strik wat die duiwel vir Jesus wil stel in die verhaal -
Die duiwel toets nie net die krag van geloof nie, maar ook Jesus se wysheid.
Ons weet almal klippe kan nie brode word nie, maar moet onthou dat God Gees is en ons moet hierdie voorbeeld as n geestelike gelykenis benader.
Dit is asof die duiwel aan Jesus sêvra - 'maak hierdie dooie lewendig' *of* 'bring vreugde te voorskyn in dooie werke' *of* 'laat die ongelukkigheid dadelik in gelukkigheid verander'. Omdat Jesus die ingeplante woord ontvang het, sê hy -

Mat 4:4 *Maar Hy antwoord en sê:* ***Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.***

Merk dat die duiwel se versoek natuurlik van aard is - Hy vermy n geestelike gesprek en sy gedagtes is gebonde aan fisiese vrug vir die liggaam. Hy vergelyk fisies met fisies, maar Jesus se antwoord is letterlik en figuurlik van aard wanneer hy antwoord dat die mens **ook** van God se Woord of 'Brood' afhanklik is.

En merk verder die woord **'elke'**. Dus, nie net sommige woorde nie, maar die **hele woord** (Lam) moet in eenheid gelees, geeet, bestudeer en toegepas word. Ons weet eenheid maak mag en so is dit ook met God se Gees se karakter.

God se boom bring ewige vreugde omdat hy al nege karaktertrekke gelyktydig toepas. Elke woord uit God se mond is regverdig en voedsaam vir die siel.

Jy kan nie versoening verwag sonder om n samekoms met n gesindheid van **liefde** te begin nie en dan **vriendelikheid** *of* **selfbeheersing** *of* **blydskap** *of* **vrede** *of* **lankmoedigheid** *of* **goedheid** *of* **getrouheid** *of* **sagmoedigheid** vermy nie.

Jesus verklaar noukeurig in **Mat 13** dat die saailand die wêreld is. Hy bespreek die groei van die saad en hoekom sekere saad goed of sleg is. Naiwiteit, minagting, ontkenning en twyfel bring onkruid mee en agting, geloof, erkenning en kennis van die waarheid bring goeie saad mee wat goeie vrug dra.

Baie interessant om God se lankmoedigheid te bespeur in hierdie gelykenisse. Sy liefde is te bespeur wanneer hy selfs aan onkruid genade skenk. Die 30/60/100 voud genade is ontwerp sodat elke gelowige n mate van sy goedheid kan smaak.

Die 30voud genade is vir kleingelowiges, die 60voud vir bietjie meer geloof, die 100voud vir volle vertroue. Meeste gelowiges leef n 30 en 60voud genade lewe, want hulle skik met Satan oor regverdigheid en neem meeste van die tyd self besluite. Onbewustelik bring naiwiteit straf oor hul eie lewe, want God haat hoogmoed **(Spreuke 8:13).** Satan het hul egter oortuig dat dit n normale lewe is.

Geregtigheid word oënskynlik vervul in die toepassing van vergifnis en behels liefde met eerlike openhartige barmhartigheid. Die mens wat 100% oorgee se siel is rein en sy geskenk is om gedurig vrede te ervaar. Hier op aarde sal hulle altyd weet hoe om konflik te hanteer en wanneer en hoe om repliek te lewer.

NAVOLGERS VAN GOD

Efe 5:1 Wees dan **navolgers van God** *soos* **geliefde kinders;**

Hoekom sal God vra dat ons hom moet navolg ?
Om die vraag te beantwoord moet n mens eers die woord 'navolg' analiseer.
'Navolg' beteken om agter iets of iemand aan te gaan…
Om iemand of iets se voorbeeld te volg…
Om n reël noukeurig te volg…
Mens doen dit gewoonlik uit bewondering.

Alle gelowiges bewonder God se bonatuurlike krag en voorsiening. Hulle het egter n probleem met die versoek om soos Hy te wees of te word.
God sê in 1 Pet 1:16 - *wees heilig, want Ek is heilig* -
Die gewone mens kan nie vrede maak dat hulle so rein soos God kan word nie.
En dit is natuurlik hoekom mense afvallig word, want hulle dink dit is onhaalbaar om heilig soos God te wees en gevolglik maak hulle hul eie paslike reëls.

Duisende jare terug het God reeds versoeke gerig dat die mens nie hardnekkig moet wees ten opsigte van 'heiligheid' of 'heiligmaking' nie.

2 Kron 30:8 **Verhard nou nie julle nek soos julle vaders nie,** *gee aan die HERE die hand en kom na sy heiligdom wat Hy vir ewig geheilig het, en dien die HERE julle God, dat sy toorngloed van julle afgewend kan word.*
2 Kor 3:14 Maar **hulle sinne is verhard***. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word.*
:15 Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, **lê daar 'n** <u>**bedekking oor hulle hart;**</u>
:16 maar **wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem.**
Efe 4:30 En <u>**bedroef nie die Heilige Gees van God nie**</u>*, deur wie julle* **verseël is tot die dag van verlossing.**

*:31 Alle **bitterheid** en **woede** en **toorn** en **geskreeu** en **lastering** moet van julle verwyder word, saam met alle **boosheid.***

*:32 Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; **vergeef mekaar soos God** ook in Christus julle vergewe het.*

Wanneer n mens die boonste verse noukeurig nagaan, sien n mens dat God n storie wil vertel. Hy verwys na vorige mense wat Sy grootheid ervaar het, maar steeds hardnekkig Sy versoek weier om Sy karakter aan te neem.
Hy wys egter ook uit waar die probleem lê, wanneer Hy na die wette van Moses verwys. Die wette van Moses is gegee om die letter van die woord te leer en na te volg. Die mense wat kon lees het die wette aan diè verduidelik wat nie kon lees nie en dit het almal versoek om die wette na te kom, sodat almal saam as God se huisgesin, Sy seën van voorsiening kon geniet.
Hierdie wette bevat die integriteit van God en daarom het Hy verorden dat almal wat hierdie wette nakom, sal as familievriend beskou en beskerm word.
Hierdie wette verwys natuurlik na die 10 gebooie -

1. Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.

2. Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.

Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat;

n Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.

3. Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.

4. Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God;
dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie.

Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.

5. Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.

6. Jy mag nie doodslaan nie.

7. Jy mag nie egbreek nie.

8. Jy mag nie steel nie.

9. Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.

10. Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.

Ongelukkig het die mense nie gehoor gegee aan die mate van gehoorsaamheid wat God daar gestel het nie. Hulle het gefaal om die wette gedurig uit te leef. Sommige het die wette gehoorsaam, maar nie een kon die wette gesamentlik gehoorsaam nie. Dus - niemand kon saam met God Sy rus geniet nie.
God het egter geweet hoekom hulle nie suksesvol in hul pogings was om die wette na te kom nie en daarom maak Hy vroeër melding van die probleem areas in Efe 4:30,31 - *bitterheid, boosheid, toorn, woede, lastering* en *onvergifnis.*

Die mens is volgens God steeds besig om die wette te leer, te bestudeer en hul eie regverdiging te gebruik om oordeel te fel. God noem dit n *'bedekking oor die hart'*. Die hart verskaf bloed en bring lewe. Ons moet egter oppas dat n vrugbare lewe nie onderdruk word deur bitterheid, boosheid en onvergifnis nie. Daarom moet ons poog om hierdie wette op ons harte geskrywe te kry...
Die hart is die pompkamer van lewe en dit pomp bloed na ander dele van die liggaam. Wanneer die Heilige Gees ons hart beheer, vloei Sy vrugbare karakter deur ons liggaam soos bloed, sodat elke nuttige ledemaat tot volle reg kan kom. 'Bedekking' is n gelykenis van 'weerstand' en God sê dat - om nie gehoor te gee aan Sy Gees se leiding nie, bring vyandskap teen Sy integriteit en dit veroorsaak verdriet wanneer God se Gees bedroef/geblus/onderdruk word.

Die krag van God is deel van die Drie-Enige God (Vader, Seun en Gees).
Dit weerspieël die feit dat Jesus God se Seun geword het omdat Hy die Heilige Gees nie bedroef het nie en èèn met God gebly het deur die Vader se gebooie met insig nagevolg het.
Alles wat God weet, weet die Heilige Gees en Christus Jesus ook.
So, as God dan verklaar dat hy die bron en stigter van LIEFDE is, beteken dit dat die wet van LIEFDE ook in die Heilige Gees, sowel as in Christus Jesus is.
En daarom maak dit sin dat ons Jesus moet navolg om n kind van God te word.

Gal 6:2 Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus.

Om mekaar se laste te dra beteken om mekaar met deernis te behandel.
Die wet van Christus kan nie met die mens se verstand geleer word nie. Die verstand (krag) van God is nodig om hierdie barmhartige opoffering te laat slaag.
Wanneer ons die Heilige Gees vrye teuels gee om besluite namens ons te neem, volhou ons die volle 10 gebooie van die Ou Testament. Die Heilige Gees verseël ons met God se liefde en gevolglik bring dit respek vir naaste tot gevolg.

Die karaktervrug van die Heilige Gees bring verandering en gevolglik genesing van die ou karakter en daarom kan mens met reg sê dat Jesus se bloed ons red.
Jesus is ons voorbeeld. As ons Hom navolg, dan verkry ons ook God se Gees en word mettertyd ook as kinders van die Vader aangeneem. Sulke voorbeeldiges hoef nie self besluite te neem nie. Die Heilige Gees help deur ware antwoorde op versoeke te gee, maar die mens moet steeds die sake self besleg.

Die kruks is egter - die mens moet gereeld vir hulp vra terwyl hy met dank eer aan God se vrygmoedigheid bring. Die vrug van oorwinning lê in die mate van gehoorsaamheid - volheid bring 'rus' en minder volheid bring 'bedekking'.
Ons het n keuse - volg Jesus en verkry rus of onderdruk Hom en bly verward.

Heb 8:10 *Want dit is die* **verbond** *wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel,* **spreek die Here**: *Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.*

SATAN'S MISSION

Satan aims to tempt good people, to disrupt the relation with God as a Father -

1. to cut off their dependence on Him -
2. to question their duty to Him -
3. to weaken their communion with Him.

The devil's evil spirit is the accuser of the brethren and does all he can to shake those who believe that they are accepted as children of God.

He uses arguments like -

1. Outward afflictions,
2. wants *and*
3. burdens

to question their state of comfort and sonship.

To love one another is considered as a **duty** to God/nearest and challenges the measure of patience, while carrying the **burdens** of others. We learn that - Jesus gave up his spirit only after he was given sour (wine) vinegar. He said - 'It is finished' and then gave up His spirit and physically died - **John 19:30.**

The sour wine resembles the affliction that derives from **unrighteous challenges and circumstances** and symbolizes a Godly request to endure as much as one can, while one can. Giving our spirit over to God would mean that God's Spirit would replace our spirit, taking control of any undone circumstance - in fact, Scripture reassures us that **God would not tempt us beyond our ability** and shall always provide an escape - **1 Cor 10:13.**

Fact is that to become sons of God, we should carry the fruit of God's likeness, which mean to always rely on, always adhere to and always trust in his Spirit's power. In saying this, be aware that to represent God on earth, means to know, understand and live like Jesus. Only then can we proud ourselves as sons of God. Jesus is the Son of God, the anointed one, and also represent the Word of God. Therefore, to become anointed sons of God, we should acquaint ourselves with the Word until the law of Christ is written on our hearts - **Prov 3: 3; Col 3: 9-17.**

It is therefore important to establish why Satan tempted Jesus with only three questions. Note that these cunning requests contains food for compromising -

*Mat 4:3 Then the tempter came. "Since you are the Son of God," he said, "**tell these stones to become loaves of bread**." :4 But Jesus answered, "It is written, 'One must not live on bread alone, but on every word coming out of the mouth of God.'" Mat 4:5 Then the devil took him to the holy city and set him on the pinnacle of the temple . Mat 4:6 and said to him, "If you are the Son of God, **throw yourself down,** for it is written, "'He will command his angels concerning you,' and "'On their hands they will bear you up, lest you strike your foot against a stone.'" Mat 4:7 Jesus said to him, "Again it is written, 'You shall not put the Lord your God to the test.'" Mat 4:8 Again, the devil took him to a very high mountain and **showed him all the kingdoms of the world** and their glory.*

*Mat 4:9 And he said to him, "**All these I will give you, if you will fall down and worship me**." Mat 4:10 Then Jesus said to him, "Be gone, Satan! For it is written, "'You shall worship the Lord your God and [R12]him only shall you serve.'" Mat 4:11 Then the **devil left him,** and behold, angels came and were ministering to him.*

This qualifies as an outward affliction from Satan. Satan is tempting our trust in God daily, through questioning our measure of faith. Some Christians do believe that if they pray hard enough, all prayers shall be answered. That can be so yes, but this specific request to change stones into bread, are beyond realism. It symbolizes the request to change a stone heart to a flesh heart through prayer. Jesus knew the pitfall of quick fixes as he became matured in Godly wisdom while studying the Scriptures and adhering to God's Spirit -

Rom 12:1 I therefore urge you, brothers, in view of God's mercies, to offer your bodies as living sacrifices that are holy and pleasing to God, for this is the reasonable way for you to worship. :2 Do not be conformed to this world, but continually be transformed by the renewing of your minds so that you may be able to determine what God's will is—what is proper, pleasing, and perfect.

Jesus understood these wise words and answered without hesitation, that the bread of life is equal to reliance, trust and adhering to every word of God.

Thus, renewing of the mind is to understand that the old and new, the Law and Spirit, must reconcile to become one in Christ, through surrendering the old man to become a new man in Christ, the Word of God. Jesus relied completely on God's Spirit. God's Spirit is almighty and never sleeps or rests and is always available to those that seek God's wisdom and rest - Luke 6: 45-49; James 1: 21.

Satan is out to persuade us to live independently from God's favour.

Satan's mission is to jeopardize our eagerness to become alike Jesus and the most common manner he uses is to supply compromises to God's righteous Word and ways. This could lead to doubting God's Omnipotence and Omnipresence and consequently faint our zeal to seek His kingdom through neglecting to examine God's Word on a frequent basis. Consequently - such a person could later really believe that one can live from bread alone, meaning that if you work hard enough you can survive, depend and be happy to rely on your own understanding and live without the help of God's Spirit.

A simple example -

Satan works round the clock to convince the believer that it is not possible to resemble God's character, applying the 9 fruits within his Spirit simultaneously and continuously. Satan is constantly trying to convince the believer that no one can be perfect and that it is acceptable to misuse some Godly characteristics through naive performances - and this is directly in contrast with God's will when he requests to be perfect as he is perfect - Mat 5:48.

Unfortunately, the lack of pureness brings forth twisting or distorting of the Law of love and is a violation of the duty or obligation to uphold Christ's law - Gal 6:2. Lack of pureness also brings forth fear. Notice what the Word says about fear -

1 John 4:18 There ***is no fear in love,*** *but* ***perfect love casts out fear****. For fear has to do with punishment, and* ***whoever fears has not been perfected in love.***

Another example -

Satan's manner is to influence us to become people pleasers - an urge to be recognized as good people, though, back at home we're not the same.

This behaviour usually derive from childhood and tend to ignore wrong attitudes on a constant basis and in doing that, bring unjust spiritual chastisement to ourselves. Then, when the Holy Spirit caution us, it ignites fear and confusion within us. This is suitable food for Satan's demonic army and creates instability because we tend to compromise to allow impurity to dwell among God's purity.

Another example -

Most of us are taught to work hard, to care for ourselves and family. Satan also knows that if he can convince us that hard work provides for our 'wants' and hard work can eliminate 'burdens', then there is a chance that we'll find the gospel of Christ as far-fetched and rather rely on worldly ways for enrichment.

How do we test Satan's strategy on afflictions, wants and burdens ?

Through continuous communion with God we'll find the righteous answers -

Mat 6:33 *But seek first the kingdom of God* **and** *his righteousness, and all these things will be added to you.*

Seek God's friendship and he'll supply the right friends you need. He knows your circumstances. He knows your past and your future. He called you with the intention to help you, to stay happy, to supply in your needs, to sow good seed into your life, in order to represent Him during your lifespan on earth.

To receive all these comforts, we should also understand that there is no other God than God himself. Do not try and compromise with other gods who want to supply in your 'wants'. Satan is continually impugning (challenging) the integrity of God. He wants to convince us that God's standards are to high.

Compromising leads to indecision, hypocrisy, pride and arrogance and is equivalent to taking the name of God in vain, bringing forth unwanted curses.

Thus - Stay God-conscious, rather than to fake or tempt Christianity.

Exo 20:7 *"You shall not take the name of the LORD your God in vain, for the LORD will not hold him guiltless who takes his name in vain [that is, irreverently, in false affirmations or in ways that impugn the character of God].*

GOD'S MISSION

God's mission is to introduce us to Jesus.

Why ?.

To be able to return to Paradise, a place of ever happiness.

Why Jesus ?.

Because he was found worthy to familiarize with God and God's will is to have communion with those alike his image.

Familiarize mean to acquaint someone through appreciation, affection, admiration and preference. This is exactly what Jesus did. He completely trusted in, adhered to and relied on God's precepts.

Luke 2: 52 And Jesus kept increasing in wisdom and in stature, and in favor with God and men.

Jesus understood that he was sown as good seed by God, to grow in stature, to be able to represent and proclaim the gospel of God. The good seed symbolizes the characteristics of the Spirit of God. Jesus therefore made it his mission to familiarize with the Spirit and surrender to his wisdom and guidance.
Jesus made it his mission to sow the good seed entrusted to him. To fulfil this obligation adequately he spent most of his time with rabbis in temples, to acquire knowledge and understanding of the scriptures. In fact, he was already 30 years old when he went out to represent God as the word of God -

Luke 8: 11 "Now [the meaning of] the parable is this: The seed is the word of God [concerning eternal salvation]. 12 Those beside the road are the people who have heard; then the devil comes and takes the message [of God] away from their hearts, so that they will not believe [in Me as the Messiah] and be saved.
13 Those on the rocky soil are the people who, when they hear,
receive and welcome the word with joy; but these have no firmly grounded root. They believe for a while, and in time of trial and temptation they fall away [from Me and abandon their faith].

14 The seed which fell among the thorns, these are the ones who have heard, but as they go on their way they are suffocated with the anxieties and riches and pleasures of this life, and they bring no fruit to maturity.
15 But as for that seed in the good soil, these are the ones who have heard the word with a good and noble heart, and hold on to it tightly, and bear fruit with patience.

The above parable proclaims that Jesus is the word of God. God confirms this -

*Rev 19: 13 He is dressed in a robe dipped in blood, and **His name is called The Word of God.***

Now that we are sure about Jesus' identity we must make time to understand the above parable. Jesus explains that there are 4 types of believers on earth -
Verse 12 - non believer by choice
Verse 13 - half-hearted believer
Verse 14 - compromiser
Verse 15 - true believer and follower of Jesus, the Word of God; overcomer.

When one examine the 4 kinds of believers, one cannot but wonder why or how do the 1st three kinds renounce or abandon their religious belief or principle.
The only answer to this question is - Satan at work.
We know that Satan's mission is to disrupt the relationship with God and that he does this through applying afflictions. What is his mannerism ?.

He looks for stubborn sheep - sheep that is disorientated - sheep that does not have a relationship with the shepherd - sheep that do not recognize the shepherd and obviously not understand the purpose of the shepherd.

Isa 5: 13 Therefore My people go into exile because they lack knowledge [of God];
And their honorable men are famished,
And their common people are parched with thirst.

How can one overcome the distaste of Satan's affliction ?

To answer this, one must first investigate what affliction means -
it usually refers to a person who is mentally or physically suffering, or has been grievously affected by disease (damaged, harassed, tormented).

Jesus also warns that ignorance can result in physical and/or mental suffering -

1 Cor 11: 30 That [careless and unworthy participation] is the reason why many among you are weak and sick, and a number sleep [in death].

Ignorance / Careless participation means to partake in something halfheartedly.
Therefore, the answer to overcome affliction is -

1. to know and understand the Word of God ;
2. prefer and obediently follow our Shepherd, Jesus Christ ;
3. appreciate and accept the wisdom of the Holy Spirit, the implanted word ;
4. admire the riches in transformation, showing affection for His loving-kindness ;

endure to the end until forgiving and forgetting becomes a natural culture.
Jesus gave us the key to overcome when he answered to Satan's temptations -
'It has been written'..! (Mat 4: 1-11) he said before every answer.
So why did Jesus start with these words ?

Jesus wanted Satan to know that -

1. He knows that all answers to any temptation is recorded in the Bible ;
2. He understood the spiritual power and blessing or curse within every word.

Alike - If one knows one's product, one can sell the product - but if one does not know the product while selling it, failure is indisputable.

We learn from this that those who do not want to partake, shall not receive.

2 Cor 9: 6 Now [remember] this: he who sows sparingly will also reap sparingly, and he who sows generously [that blessings may come to others] will also reap generously [and be blessed].

The Word of God also teaches us what to do to get saved -
James 1: 21 So ***get rid of all uncleanness*** *and* ***all that remains of wickedness****, and* ***with a humble spirit*** *receive the word [of God]* ***which is*** *implanted [actually rooted in your heart], which is* ***able to save your souls.***

Implanted law of Christ = Holy Spirit in Jesus. How does one receive Jesus ?
Through believing in him of course, but take note what the word 'believe' means.

John 1: 12 But to as many as did receive and welcome Him, He gave the right [the authority, the privilege] to become children of God, that is, to those who ***believe*** *in* ***(adhere to, trust in, and rely on) His name*** *-*

Therefore, to receive God's blessing we must adhere to, trust in and rely on the Word of God, but let us get more precise and explore the meaning of 'His name'.
When you walk into a room full of people, introduces yourself to them, engage in conversation with them, they'll remember the integrity you reflected.
Your integrity are valued on your moral principals like - incorruptibility, psychological soundness, the quality or state of being complete or undivided.
God's integrity reflects through his Spirit and the fruits of this Spirit perform perfection of character.

Thus, to summarize the interpretation of God's mission -
1. supply wisdom to overcome Satan's afflictions ;
2. compensate those who attempt to trust in, adhere to and rely on Jesus, those who embrace the righteous Word of God, while enduring afflictions ;
3. reward those who overcome the corrupt ways of the flesh, blessing them with an ever peaceful life for their ability to forgive and to forget, as this brings forth reconciliation, opening the door for continuous communion between all.

Rom 8: 13 for if you are living according to the [impulses of the] flesh, you are going to die. But if [you are living] by the [power of the Holy] Spirit you are habitually putting to death the sinful deeds of the body, you will [really] live forever.

GOD SE BEGRIPSTOETS OOR LIEFDE

Efe 3:17 sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is,

:18 en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is,

:19 en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.

Hierbo bespreek God die seën wat in sy liefde te vinde is - om die volheid van Hom te beleef. Hy bevestig dat die seën wat in volmaakte liefde opgesluit is in die woorde - breedte, lengte, diepte en hoogte gevind word. God daag ons uit om die gawe en seën te ontsluit wat in hierdie woorde verborge lê.

Mens kan lief wees vir jouself, maar dit alleen bring nie die verwagte vrug te voorskyn wat opregte liefde se doelwit is nie. Die doel om liefde te openbaar is om n ander skepsel te beindruk tot die mate dat albei beter daaraan toe is as voor die ontmoeting.
Opgemaakte liefde word as huigelary beskou en God se houding jeens dit is dat as die mens God se naam ydelik gebruik, hy straf vir so n veragtelike houding kan verwag.
Dit is hieroor dat God verwag dat ons almal die liefde van Christus ken soos hierbo in vers 19 uiteengesit, want dit is nie in sy geaardheid om die mens onnodig te moet straf nie -

Exo 20:7 Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.

Soos ons reeds weet is God se Naam gekoppel aan sy integriteit en diè is weer gekoppel aan die vrug van sy Gees, naamlik - Liefde, blydskap, vrede, lankmoedgheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing.

Dit beteken dus dat as die mens hierdie vrug op n aansitterige / opgemaakte / onwaardige manier bestuur, die kans baie goed is dat God se straf oppad is, want Sy integriteit word nagemaak soos dit die mens pas en nie soos God dit sal toepas nie. Sal jy tevrede wees as ander jou geaardheid onwaardig onthul?.

Dit is hieroor dat God wysheid verskaf ten opsigte van die korrekte/aanvaarbare manier van optrede tydens n ontmoeting met iemand, sou dit versoening wees of nuwe vriendskap, maak nie saak nie. Die verwagting is om altyd en heeltyd dieselfde geaardheid te openbaar.
Breedte, lengte, diepte en hoogte is die maatstaf om die resultaat van n volle kringloop te bepaal. n Kringloop om die volwaardige toepassing van God se liefde te ken en te verstaan.
Dit beteken dat die mens hierdie 4 mates gelyktydig, gedurig en met oortuiging moet toepas.

Breedte -
Dit verwys na die breedte van die aarde. Die hele breedte van die aarde moet van God se ewigheidsplan te hore kom. Ons moet gedurig besig wees om God se liefde oral te verklaar, waar ons werk, waar ons vertoef en dit moet met eensgesindheid gedoen word. Om dit te doen moet ons almal dieselfde mate van vrug dra. Die Heilige Gees se geaardheid is èen met God die Vader en Jesus. Ons mag en kan nie hul Naam ydelik gebruik deur fabels te vertel nie.

Lengte -
Lewenswandel moet gekoppel wees aan die visie dat jy en God in ooreenstemming is. Is God se beloftes deel van jou visie, jou lewensduur, jou begeerte ?.
Almal sal sê dit is, maar almal kan nie met eerlikheid sê dat hulle eers vir God genader het en gewag het vir sy antwoord oor hierdie dinge nie.
Die meeste mense het hul eie doelwit vir die toekoms en vra dan vir God om daardie visie te seën.
Talent is Godgegewe en ons behoort eers vir God te raadpleeg oor die gebruik.
God se gedagte is dat ons eers sy koninkryk soek en nie anders om nie -

Mat 6:33 Maar **soek eers** *die koninkryk van God en sy geregtigheid,* **en** *al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.*

Diepte -

God se plan sluit altyd guns in vir diè wat hom liefhet. Om lief te hê beteken om die ander te respekteer. Mens kan nie iemand waarlik liefhê sonder respek nie. Dit beteken om die diepste gevoel vir die ander te hê of te ontwikkel. Dit is n gesindheid van diensbaarheid en beteken n gedurige mate van opoffering - word minder sodat die ander meer word -

Rom 12:3 Want deur die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen wat onder julle is, dat hy nie van homself meer moet dink as wat 'n mens behoort te dink nie; maar dat hy daaraan moet dink om besadig te wees na die maat van geloof soos God dit aan elkeen toebedeel het.

Hierdie diepte van onderdanigheid bring deernis navore en as elke lid van God se liggaam hierdie gesindheid nastreef, sal ons gebede groot blydskap meebring.

Hoogte -

Waar kom ons hulp vandaan ?.

Psa 124:8 Ons hulp is **in** *die Naam van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.*

Hulp is **in die Naam** van die HERE..!, wat sy integriteit is, sy 9 karaktertrekke in sy Gees..! Moet nie te hoogmoedig wees om te gee nie. Verskaf (gee met blymoedigheid) aan almal wat liefde nodig het. God sê ook dat hy ons sal verhoog op die regte tyd as ons gedurig sy nege karaktertrekke gelyktydig toepas en vertoon soos Jesus dit gedoen het -

Joh 1:18 Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar.

Hoe het Jesus dit gedoen ? Ons leer uit die onderste vers Joh 5:30 -

Wat Hy van sy Vader gehoor het, het hy aan almal vertel - **BREEDTE**.
Wat Hy van sy Vader gehoor het, dit het hy beoordeel en gedoen - **LENGTE**.
Wat Hy van sy Vader gehoor het, het hy gerespekteer met n diensbaarheid - **DIEPTE.**
Wat Hy van sy Vader gehoor het, het hy gedoen en sy eie begeertes verskans - **HOOGTE.**

Joh 5:30 *Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en my oordeel is regverdig, omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het.*

In vers 18 aan die begin van hierdie skrywe verwag God dat ons as mense die voordeel van sy Omniliefde moet navors en toepas wanneer hy verwys na *'saam met al die heiliges'.* Dit dien as is n uitnodiging om saam te stem oor God se wil en sy plan vir die mens.

So, wanneer ons dan in vers 17 lees dat God se verwagting is dat ons genoeg geloof moet bekom totdat Christus in ons geopenbaar word, word ons oortuig dat hierdie volheid van geloof iets te make het met die 4 rigtings, naamlik breedte, lengte, diepte en hoogte.
Noudan, geloof is weer afkomstig van vertroue. Hoe meer vertroue hoe meer geloof.

Heb 11:1 *Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.*

Om dan op te som - hoe meer vertroue ons kry, hoe meer standvastig in geloof sal ons word.
Dit beteken dan ook dat hoe meer ons te wete kom van die breedte, lengte, diepte en hoogte in God se karakter (die seën wat sy naam dra), sal ons meer geloof bekom.

Dus, hoe meer kennis, hoe meer verstandig, hoe meer vertroue, hoe sterker die geloof.
Kom ons kyk of ons meer wysheid kan bekom oor hierdie rigting-aanwysers wat lewens belangrik word vir oorlewing en hoe dit ons vertroue en geloof sal beinvloed -

BREEDTE -

God verwag dat sy skepsels (ons as mense) die grootheid van sy algehele skepping sal waardeer en die goedheid van sy gedagtes sal respekteer. Die doelwit van die mens moet wees om die goedheid van God se skepping te ontgin en daardie goedheid te gebruik om in vrede en harmonie saam te leef terwyl goedheid verklaar word. Dus, hoe meer goeie siele saam leef, hoe meer ervaring van vrede, hoe meer eer sal God ontvang vir sy skeppingsdoel.
Om ons te help gedurende ons ontginning, het God besluit om sy privaatheid prys te gee en sy karaktertrekke aan ons blootgestel. Sy vertoë is dat ons hierdie karaktertrekke moet toets en goed vind, sodat ons eensgesind saam kan mediteer en mekaar respekteer.
Nog makliker het God dit gemaak en Jesus as die Christus (Verlosser) aan ons voorgestel. Jesus is geformeer deur die Heilige Gees, die krag van God, en Hy dien tans as voorbeeldige geregtige Persoon wat God se gebooie sonder twyfel en met absolute onderdanigheid nagekom het. Hy staan ook bekend as die 'Woord van God' omdat hy sonder weerga die Skrif geken, verstaan en geleef het en sodoende het hy God se beloftes beleef en daarom kon hy dit aan die hele wêreld verklaar. En almal wat hom naboots, sal dieselfde belofte van vryheid en vrede ervaar, verklaar God daarop.

LENGTE -

Wanneer n mens dan die BREEDTE gebruik om die goedheid van God te verklaar, kwalifiseer so n mens om sy begeertes, versoeke en wense met God te deel. God sien dus die ywer wat die mens toepas om Jesus se pad te volg en gevolglik laat Hy toe dat so n mens verreik word met begeerte-guns.

Dit is aanvanklik n groot toets omdat die mens gewoond is om eie reg te gebruik om sy doelwitte te bereik. Die visie van God is om Godsafhanklik te bly en daarom moet die mens van vooraf leer om soos n Jesus al sy begeertes en versoeke met God te deel.
Die rigtingaanwysers word nou n maatstaf vir die toepassing van God se karakter in geheel.
Die mens moet egter eers daarin kan slaag om die BREEDTE te oorkom, wat beteken dat sy geloof hom moet toelaat om vrylik die evangelie van Jesus te kan verkondig. Daarna moet hy die rykdom van n nederige gesindheid aanneem wanneer hy die voorreg bekom om sy begeertes met God te bespreek, want God se siening oor n sorgelose rykdom is anders as die mens s'n.
Die kern van God se karakter is die toepassing van liefde met n gesindheid van deernis en nederigheid. Die lengte van n begeerte moet insluit dat jou mede altyd n mate van verryking en verreiking ontvang (fisies en reikwydte moet groot wees).

DIEPTE -

Tot dusver het die gelowige die BREEDTE van sy roeping nagekom - om met oortuiging die evangelie van Jesus te verkondig. Hy het ook begrip ontwikkel dat die LENGTE van God se goedheid onlosmakend en noodsaaklik is wanneer daar nederig geywer word om versoening te bewerk deur die toepassing van God se karaktertrekke, die vrug van sy Gees.
Die diepte van geloof verwys na die onderdanigheid, die absolute respek wat God toekom omdat hy die mens die voorreg gun om n standvastige en vreedsame lewe kan geniet.
En so behoort ons as gelowiges hierdie repek en onderdanigheid ook gedurig aan ons medemens ten toon stel en toepas.

HOOGTE -

God is ons ALLERHOOGSTE. Hy is die rede vir ons bestaan. Daar is geen twyfel dat hy verhoog moet word nie.

Ons het geen lewe sonder sy genade nie en wanneer ons die BREEDTE, LENGTE en DIEPTE van geloof verstaan en dit toepas, sal ons ook verhoog word.
Die grootste uitdaging is egter om nie te oordeel nie. Dit is God se voorreg. Hou dit vir hom.
Jesus het gedurig sy Vader geraadpleeg en het ongelooflike sukses behaal deur nie trotsheid of hoogmoed toe te pas terwyl hy die reinmakende rigtingwysers van God toegepas het.

2 Kor 6:16 Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

:17 Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem;

:18 en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige.

Hierdie ondersoek dien as n begripstoets oor God se rigtingaanwysers vir n lewe in hom.

Om in Christus te leef beteken om gedurig soos Jesus te wandel. Die mens het naaste nodig om n besadigde lewe te lei en wedersydse respek en deernis moet betoon word vir sukses.
Hierdie pad van heiligmaking word gekenmerk deur die 4 nie-aanvegbare reëls en regulasies.

1. Die mens moet die wil ontwikkel om te verander na die mate van heiligheid in God en
2. die begeerte ontwikkel om goed aan ander te doen wat hy aan homself gedoen wil hê en
3. moet heeltyds onderdanig bly en gedurig respek betoon aan God en naaste en
4. moet besef dat hy altyd afhanklik sal bly van God se genade.

KINDERS VAN DIE HERE vs SEUNS VAN GOD

Om hierdie vergelyking te ondersoek, moet n mens eers kan verklaar wat die woord 'geloof' behels, want om n kind van die Here te word, moet die mens in Hom glo. Die Amplified Bybel gee die mees verklarende antwoord hieronder.

Joh 7:37 En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! 38 Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. 39 En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.

John 7:37 AMP - Now on the last and most important day of the feast, Jesus stood and called out [in a loud voice], "If anyone is thirsty, let him come to Me and drink! 38 He who believes in Me [who adheres to, trusts in, and relies on Me], as the Scripture has said, 'From his innermost being will flow continually rivers of living water.39 But He was speaking of the [Holy] Spirit, whom those who believed in Him [as Savior] were to receive afterward. The Spirit had not yet been given, because Jesus was not yet glorified (raised to honor).

Om te glo het dus n dieper betekenis as om net te glo dat God die wêreld en sy uitspansel gemaak het. Baie mense glo wel so en sodoende respekteer hulle nie die waardes wat God hier stel nie. Hulle glo wat hulle sien en het geen verbintenis of verhouding met God nie, maar tog erken hulle God se skeppingsvermoë.
Die betekenis van die woord 'glo' word uiteengesit in die AMPLIFIED Bybel hierbo. Dit is baie leersaam en dit is werklik nodig om die betekenis van GLO te verstaan.

Vir God beteken 'Glo' om gehoorsaam te luister, die insette betroubaar te vind en dan met algehele vertroue die raad van die Heilige Gees toe te pas.

Die Heilige Gees sal dan soos met stromende water enige ongeloof skoonmaak, nuwe insig verskaf en uit ons binneste sal hierdie water nuwe lewe (Godsbewustheid) aan ander verskaf, sê die Skrif - n bekentenis dat dieselfde Heilige Gees wat in Jesus was, sy goeie gesindheid deur ons na buite sal laat vloei.
Wanneer ons soos n kind glo, ontvang ons nie net Jesus se Gees nie, maar word ook beskou as n kind van God. Dit beteken ons word outomaties n familielid van Jesus - broer of suster, maar omdat ons Geestelike God nie onderskeid tref tussen man of vrou nie, beskou Hy alle gelowiges wat sy gebooie doen as familie wat sy koninkryk uitbou - en noem hulle 'seuns'.
In die begin is die Skrif opgeteken in Hebreeus en kom ons betrag wat die betekenis van die woord 'son' is in hierdie eertydse taal. Onthou, God het die Bybel laat opteken sodat ons insig in sy wil en weë kon kry. Hy laat skryf die Ou Testament in Hebreeus en Nuwe in Grieks.

Gen 4:25 And Adam[H121] knew[H3045] (H853) his wife[H802] again;[H5750] and she bare[H3205] a **son,[H1121]** *and called[H7121] his(H853) name[H8034] Seth:[H8352] For[H3588] God,[H430] said she, hath appointed[H7896] me another[H312] seed[H2233] instead of[H8478] Abel,[H1893] whom Cain[H7014] slew.[H2026]*

Die **kode H1121** verskaf die inligting oor die betekenis van die woord in daardie tyd en dit is - **son = a builder of the family name.**

En so word dit regdeur die Ou Testament gebruik, totdat die Nuwe Testament in gebruik gekom het waarin die woord 'seun' (son) meerendeels verwys na 'kinders' (children). Die Ou Testament verduidelik grootliks wat God se wil is en hoe die mens God se verwagtinge beleef het. Ook hoe die mens God ontmoet het en hoe die mens langsamerhand God se gebooie begin gehoorsaam het omdat die mens sekere wonderwerke aanskou het.

Mat 5:9 Blessed[G3107] are the[G3588] peacemakers:[G1518] for[G3754] they[G846] shall be called[G2564] the **children[G5207]** *of God.[G2316] .*

Die **kode G5207** verskaf die inligting oor die betekenis in Grieks, soos in die Nuwe Testament se gebruik en ons merk dat **children G5207 = figuritive kingship.**

Die Nuwe Testament behandel die verlossing van die vlees (liggaam) en gee raad hoe die Godgegewe letterlike wette van die Ou Testament geestelik verstaan moet word en gevolglik ook toegepas moet word - juis om te kwalifiseer om n familielid van God se Liggaam te word en te bly.

Rom 8:23 *En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onsself in* ***afwagting van die aanneming tot kinders****, naamlik die* ***verlossing van ons liggaam.***

Dit word duidelik dat die Ou Testament en Nuwe Testament se gedagtes wel dieselfde is jeens kindskap van God. 'Seun' of 'kind' se betekenis is albei geskoei op trotse nalatenskap. Ons sien dit duidelik in die volgende vers waarin die Griekse vertaling = Hebreeuse vertaling.

Rom 8:14 *For*G1063 *as many as*G3745 *are led*G71 *by the Spirit*G4151 *of God,*G2316 *they*G3778 *are*G1526 *the* ***sons***G5207 *of God.*G2316 .

Hierbo sien ons duidelik dat **G5207 ook vir 'sons' gebruik word**, waar **H1121 vroeër ook verwys na 'son'.** Die afleiding kan dus tevrede gemaak word dat God se gedagte een en dieselfde is jeens seun of kind, want albei word toegelaat in God se koninkryk.
Adam en Eva was in die Paradys by God. Interessant dat Jesus ook die man langs Hom aan die kruis ook na die Paradys toe nooi, maar wat beteken Paradys ?

Luk 23:43 *And*G2532 *Jesus*G2424 *said*G2036 *unto him,*G846 *Verily*G281 *I say*G3004 *unto thee,*G4671 *To day*G4594 *shalt thou be*G2071 *with*G3326 *me*G1700 *in*G1722 ***paradise.***G3857

Paradys beteken 'a place of future happiness' en ook 'Eden'. En Adam en Eva was in Eden, waar God sy tuin geplant het -

Gen 2:8 Ook het die HERE God 'n tuin geplant in Eden, in die Ooste, en daar aan die mens wat Hy geformeer het, 'n plek gegee.

En dit is die hemelse lewe waarna ons so baie na verwys - a place of future happiness - hemel.
Baie mense het n verkeerde indruk van hierdie plek van geluk en vrede en maak soms hul eie afleidings wanneer die woord 'hemel' geuiter word. Sulke afleidings het baie te doen met oorerwing en gewoonte praatjies as gevolg van die gebrek aan kennis.
Soos met alles in die lewe is daar voorwaardes om vrede te geniet. En so is dit met die geloof ook. Soos met n aardse kind wat stout of ongehoorsaam is, so is die gebruik ook met die kinders van die Here. Straf is hul voorland. Ongehoorsaamheid bring straf mee.

2 Sam 7:13 Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koninklike troon bevestig tot in ewigheid.
2 Sam 7:14 Ek sal vir hom 'n vader wees, en hy sal vir My 'n seun wees; sodat as hy verkeerd handel, Ek hom sal straf met 'n menslike roede en met slae van mensekinders.
2 Kor 10:6 en ons gereed hou om elke ongehoorsaamheid te straf wanneer julle gehoorsaamheid volkome is.

Hierbo is drie interessante insettinge. Dit begin waar God bevestig dat sy verwagting is dat ons sy heilige huis, sy liggaam, moet help bou. God verorden ook dat as ons ongehoorsaam word, sal hy straf toelaat, maar kyk wat sê die woorde - 's*traf met menslike roede en met slae van mensekinders'..!*
Dit beteken dat God sal toelaat dat ons eie mense ons straf omdat ons hulle ongelukkig gemaak het. Hy sal toelaat dat ander ons te na kom as ons nie die regte gesindheid van liefde openbaar nie. Dit wat jy saai, sal jy maai.
Geregtigheid word met respek beloon, maar dwaasheid met minagting.

Dit is asof God ons vir die duiwel gee om ons te straf, maar dit is nie net hy nie. Dit is ook ons medemens wat God se gebooie doen en nie doen nie wat dit onplesierig vir ons kan maak as ons God se goeie saad (integriteit) minag.
En wanneer hou dit op ? *Totdat ons gehoorsaamheid volkome is*, sê die laaste vers - n bewys dat ons eie optrede seën of straf kan meebring.
En skielik maak alles meer sin. Wanneer die skrywer in Hebreërs met sy volgelinge praat, terloops almal was gedoop, vermaan hy hulle dat hulle by daardie tyd reeds volwasse behoort te wees, maar hulle drink steeds melk soos kinders wat hul eiegeregtigheid wil afdwing sonder om verstandig op te tree -

Heb 5:12 Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer, en julle het weer behoefte aan melk en nie aan vaste spys nie.
Heb 5:13 Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is.
Heb 5:14 Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei.

En hier is die antwoord - om goed van kwaad te onderskei. Wanneer ons goed van kwaad kan onderskei dan sal ons vrede en vreugde kan geniet, want ons sal nie toelaat dat ongehoorsaamheid straf meebring nie en ons sal heers oor die kwaad. En dit is te danke aan die eerste beginsels van die woorde van God - *'laat jou lei deur My Gees en nie deur jou eie gewete nie'.*
Om op te som dan - dit blyk dat God se genade groot genoeg is om almal te huisves wat sy gebooie probeer doen. Diè wat ongehoorsaam is sal straf op aarde moet verduur en diè wat gehoorsaam bly sal vrede op aarde geniet, maar sy woord sal bly - *jou geloof sal jou red.*
God se versoek is egter dat ons almal gedurig moet poog om sy wil te verstaan, hom te eerbiedig as Leier en hom eer te gee vir sy genade. Die mate van gehoorsaamheid sal bepaal watter lewe ons hier op aarde sal geniet. En daarom is daar geskryf dat diè wat sy Woord op n onwaardige wyse toepas, sal verlief moet neem met siektes en meer, maar diè wat gehoorsaam sy Woord en Gees navolg, sal alle seëninge be-erwe - 1 Kor 11: 29,30; Open 21: 7.

BLYDSKAP IN DIE HERE

Neh 4:17 Van die **bouers aan die muur** *het die lasdraers hulle werk so gedoen dat hulle* **met die een hand die werk verrig het, terwyl die ander hand die werpspies vashou,**

:18 en die bouers het **elkeen sy swaard aan sy heupe gegord** *en gebou, terwyl die* **basuinblaser by my gestaan het.**

:19 En ek het aan die edeles en die leiers en die ander mense gesê: Die werk is groot en uitgestrek, en ons is uitmekaar op die muur, die een ver van die ander af.

:20 Op die plek **waar julle die geluid van die basuin hoor**, *daar moet julle by* **ons bymekaarkom**; *onse God sal vir ons stry.*

:21 En **ons het die werk gedoen**, *terwyl die* **helfte van hulle die spiese vashou** *vandat die rooidag uitkom totdat die sterre verskyn.*

In die storie hierbo versoek God dat die mens mekaar moet bystaan gedurende enige geveg, maar hierdie inset moet letterlik en figuurlik benader word.

Die natuurlike mens sal letterlik hul vriende help om die bose vyand te beveg, maar die geestelike mens sal dit ook geestelik benader om sieletroos te beleef.

Wanneer n mens sieletroos beleef, dan ervaar n mens blydskap en omdat dit n geestelike ervaring is, is dit aan God te danke vir sy raad en bystand.

Dit is immers sy Gees wat tot ons redding kom gedurende enige emosionele uitdaging wat in ons pad kom. Dit is dus hierom belangrik om die insette te verstaan, want die oorwinning lê in die begrip van die toepassing van Sy raad.

God se raad is om gedurig die swaard van geregtigheid omgord te hê, terwyl die woord van die waarheid as skerp spies byderhand gehou word.

Neh 8:9 En hulle het uit die boek, uit die wet van God, duidelik voorgelees en **dit verklaar,** *sodat* **hulle verstaan het** *wat voorgelees is.*

:10 …Hierdie dag is heilig aan die HERE julle God; treur nie en ween nie! Want **die hele volk het geween toe hulle die woorde van die wet hoor.**

Neh 8:11 *Verder het hy vir hulle gesê: Gaan, eet lekker spys en drink soet dranke en stuur porsies aan hulle vir wie niks berei is nie; want hierdie dag is heilig aan onse Here.* *Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in die HERE—dit is julle beskutting.*

En soos met die storie hierbo, is dit tans met ons as mens. Ons verstaan nie God se wette met betrekking tot n vreedsame lewe nie. Meerendeels besluit ons self oor wat goed of sleg, reg of verkeerd en wat toelaatbaar moet wees.
Ons lees hierbo in vers 10 dat die hele volk geween het toe hulle die wet hoor. Moenie dink hulle het nog nooit die wet gehoor nie. Nee, hulle het ore gehad, maar het nie belanggestel om die tipe lewe te lei wat God voorstel nie.
Sien, niemand was tevore in staat om die woord van God aan hulle te verklaar sodat hulle verstaan nie, soos vers 9 sê.

Die storie in Nehemia ontplooi die herbouing van Jerusalem. In Geestelike taal beteken dit - die herbouing van jou ou self. By bekering is ons veronderstel om die ou mens te kruisig tot die dood toe en hierdie storie weerspieël die opbou van die nuwe Jerusalem, soos God verorden oor sy heilige stad Jerusalem -

Open 21:10 *En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal;*

En onthou, ons as bekeerlinge is inwoners van God se stad. Jerusalem is die denkbeeldige geestelike stad waarin baie wonings is en God wil by elke woning kom kuier. Hierdie wonings moet toepaslik rein wees wanneer God kom kuier..!
En daarom moet daar wagte wees om die stad teen ongemagtiges te beskerm.
Ons lees hierbo dat die wagte swaarde en spiese gebruik vir beskerming.
Dit beklemtoon die swaard van geregtigheid wat in die Heilige Gees gevind word en die spies wat die waarheid van die woord van God verpersoonlik.
Die twee is die Gees en Jesus, wat die Christus is = Verlosser van die liggaam.
Hierdie Twee saam vorm die fondasie van blydskap en vrede en ons huis moet hierop gebou word. Sonder Christus en sy Gees sal die huis nie ewig staan nie.

En wanneer n mens n sterk fondasie gegiet het, moet n mens die regte huis daarop bou. As jy die verkeerde materiaal gebruik, is die moontlikheid daar dat die huis weer deur die vyand gestroop en vernietig sal word. Wat is die regte bestanddele in die materiaal om n sterk huis vir God se besoek te bou ?.

Waarheid bring GEREGTIGHEID. God is GEREGTIG, soos hyself sê -

Jer 23:6 *In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID.*

Ons weet reeds dat God liefde is, dat sy Gees sy krag en Geregtigheid is en saam met sy Seun as Versoener, bring Hulle die waarheid en vereenselwig Hulle die Drie-Enige God.
En nou moet ons begrip kry oor hul integriteit, want die materiaal van ons nuwe huis moet die Drie-Enige God se karakter as materiaal bevat, anders sal die huis nie bestand teen storms (Satan en sy soldate) wees nie. Die vrug van God se persoonlikheid is duidelik uiteengesit en ons moet poog om sy integriteit se persoonlikhede saam te meng, te verorber sodat ons kan leef en laat leef -

Luk 6:38 *Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.*

En wat moet ons saam meng ?

Gal 5:22 *Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.*
Efe 5:9 *Want die vrug van die Gees bestaan in alle goedheid en geregtigheid en waarheid.*

Dus, wanneer die nege vrug van die Gees gedurig saam gebruik word, sal goedheid versoening bring, sal geregtigheid vrede veroorsaak en sal waarheid oor God se liefde, blydskap teweeg bring.

En hoe gebruik n mens hierdie voedingstowwe sodat dit ewige troos bring?

Spreuke 3:7 *Wees nie wys in jou eie oë nie; vrees die HERE, en wyk af van die kwaad;*

:8 *dit sal genesing wees vir jou liggaam en verkwikking vir jou gebeente.*

:9 *Vereer die HERE uit jou goed en uit die eerstelinge van al jou inkomste;*

:10 *dan sal jou skure vol word van oorvloed en jou parskuipe oorloop van mos.*

Wat is die eersteling van jou inkomste ?
Dit is die gawes wat God in jou plaas. Wanneer n mens tot bekering kom, vind so n mens dat hy n renons in swak taal, afskuwelike gedagtes en ongeregtigheid kry. God verskaf nuwe gedagtes om n integriteit soos syne te vorm.
Hierdie nuwe voedingstowwe (karaktertrekke) vereenselwig die eerstelinge van jou inkomste (ontvangs) in jou verstand, want so n bekeerling het n rekening in God se koninkryk geopen. God verskaf die voedsel vir groei tot die mate van Christus. Dit is nou hierdie bekeerling se verantwoordelikheid om in God se boek van lewe te bly.
God se koninkryk is sy verstand, sy wil en sy denke en hy wil ons seën met dieselfde mate van heiligheid as wat in hom en sy Seun is. En daarom sê God sal jou skure vol word, want toewyding om ander se gebrokenheid te herstel, sal veroorsaak dat jy lewe aan ander verskaf. Hierdie ywer om ander te help sal veroorsaak dat God jou met meer kan toevertrou en daarom sal jou beker oorloop van vreugde en ander sal die sap van blydskap kan belewe en geniet.

Om terug te kom na die begin waar die wagte van die muur die nuwe herbouing moet bewaak. Ons moet hierdie storie op ons eie lewe toepas.
Die vrug van die Gees is tot ons beskikking gedurende die vernuwing van die ou mens. Die vrug in ons gees moet tot die mate van God s'n bevrug word.
Ons moet Sy nege vrug gebruik vir karakter bou. Hierdie vrug kan alleenlik volle blydskap verskaf as die volle maat gebuik word - die nege karaktertrekke moet gedurig saam manifesteer, tot dieselfde mate wat Jesus dit destyds gebruik het. Ons lees nêrens dat Jesus aan ander onreg of minderwaardig laat voel het nie.

Daarom moet ons die wet ken anders sal ons nie Jesus se pad kan loop nie.
Wat is die pad of die wet van Christus ?

Gal 6:2 *Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus.*

Om ander se laste te dra, moet n mens vol van die Gees se vrug wees. Daar kan nie genesing wees as die volle omvang van medisyne soos voorgeskryf nie toegepas word nie.
Wanneer die mens dan sy nuwe huis in God se stad bou, is dit van kardinale belang om geen vuilheid of enige swak mengsel materiaal toe te laat nie.
Onthou nou, jy is besig om n gedaante verwisseling te ervaar en bou n nuwe karakter. Jy bou dus n huis sodat God daarin kan kom woon en daarom is dit belangrik om sy verwagtinge te verstaan. Moet dus nie afwyk van wat die Gees voorstel nie. In Engels noem hulle dit 'compromising'. God se karakter is suiwer en ons moet ook gesuiwer word, want God laat nie toe dat sy karakter bevuil word nie. Let daarop dat die ou mens se begeertes nie weer die oorhand kry nie.

Al die dinge beteken dat n mens verantwoordelikheid moet neem vir jou eie besluite. God sê - as jy wil verander, sal Ek jou help, maar as jy toelaat dat vuilheid intree, sal Ek jou nie kan bystaan nie, want My persoonlikheid kan nie blydskap bring in n ongeregtige omgewing nie.

En daarom is dit belangrik om mekaar se rug te beskerm, maar nie letterlik nie, nee, dit is figuurlik en geestelik ..!
As nuwe mens in Christus het jy nou nege Godgegewe karaktertrekke wat tot die grootte van Christus Jesus se mate van heiligheid moet groei. Dit is n proses. Foute sal gemaak word en daarvoor sal jy straf ervaar - byvoorbeeld -

Jy voel nie goed wanneer jy opstaan in die oggend nie en manifesteer met ongeduld en is kortaf met ander. Hierdie gebaar bring teweeg dat die mense om jou skielik stil en op hul hoede vir jou moet wees omdat jou gesindheid hulle bang en verward maak, want jou optrede is teen die grein van die vrug vd Gees. Jou norsheid is selfsugtig en weerspieël nie die goedheid in die Heilige Gees nie.

God se karakter is ver verwyder van sulke optredes, want sy karaktertrekke bring blydskap en vreugde. Intussen is jy op kantoor in gesprek met ander terwyl jy so swak manifesteer en jy roem selfs by vriende dat jy n kind van die Here is terwyl jul kerk en besigheid sake bespreek..!

Wat dink ons gaan God dink van hierdie boonste voorbeeld ?

God steek niks weg wanneer Hy sê dat niemand sy naam ydel moet gebruik nie.

Exo 20:7 *Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.*

En dit is presies wat die voorbeeld hierbo bespreek. Hierdie mens roem dat hy aan God behoort, maar sy lewe vertel n ander storie. Hy gebruik God om die kwaad te verdoesel, maar eintlik lewe hy sy eie lewe.

Hy bring dus God se persoonlikheid in gedrang en beswadder Sy karakter.

Die straf ? Dit is God se besluit. Die eer kom Hom toe om te oordeel.

Miskien onttrek God sy Gees vir n tydjie totdat die mens sy fout agterkom ?

En dit is hoe dun die lyn tussen goed en kwaad is.

God se versoek is dat ons gedurig gesteld op Sy karakter moet wees.

Die enigste manier om dit reg te kry is om God se Gees gedurig te vra vir leiding.

Wanneer n mens sukkel om raad te vra, is so n mens selfsugtig en afgunstig.

Jak 3:13 *Wie is wys en verstandig onder julle? Laat hom uit sy goeie lewenswandel sy werke in sagmoedige wysheid toon.*

:14 *Maar as julle bittere afguns en selfsug in julle hart het, moenie roem en lieg teen die waarheid nie.*

:15 *Dít is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels;*

:16 want waar afguns en selfsug is, daar is wanorde en allerhande gemene dade.

:17 *Maar* ***die wysheid van bo is <u>ten eerste rein,</u> dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins.***

:18 *En die vrug van die geregtigheid word gesaai in vrede vir die wat vrede maak.*

Ten eerste rein..! Eers sonder eie ek, dan sal vrede, vriende en versoening intree. Wanneer n mens jouself oorgee, word n mens afhanklik van n ander krag om jou te lei. Dit is die Heilige Gees. Sy karaktertrekke word dus jou naaste, want dit is die eerste vriende wat jy ontmoet na bekering en hulle name is -

liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

Met hulle moet jy al jou sorge deel. Een vir een. Hulle wil met jou bevriend bly en hulle wil jou lei tot die volle mate van seën wat in hulle te vinde is. Indien een van hierdie nuwe vriende nie in jou optrede manifesteer nie is die gebrek groot, want saam vorm hulle in geheel die Heilge Gees se vrugbare geneesmiddel.
Die gebrek aan een sal veroorsaak dat die deur na jou nuut geboude geestelike huis oopgelos word vir ongenooide gaste wat hulself voordoen as vriende van God en as engele voordoen. Hulle opdrag is egter om jou huis te bevuil.
En dit is waar probleme ontstaan. Wanneer n mens 'compromise' en byvoorbeeld nie lankmoedigheid toepas nie, verlaat die orige Geestelike vrugvriende die huis, want hul geheel is gebreek en die ander sal nie ander gode dien nie. Die resultaat bring onmiddelike onsekerheid in so n persoon. Let op - LIEFDE bou die huis en die 8 ander is rug aan rug toegerus met swaard en spies.

Spreuke 3:6 Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak

Nie in sommige weë nie, maar in al die Heilige Gees se weë..!
Waar liefde is, volg vrede ten volle. Waar vriendelikheid gaan, gaan blydskap saam en volg goedheid ten volle. Lankmoedigheid het geen perke as getrouheid betroubaar toegepas word nie. Sagmoedigheid bring alleenlik blydskap as selfbeheersing ten volle oorwin word...soos Samaritane help hulle hul naaste..!

Die oogmerk is om getrou al 9 gelyktydig toe te pas. En dit kan alleenlik behaal word as n mens alles met die Gees deel. As n jy fouteer, weet die Gees watter persoonlikheid hulp sal verskaf om die gebrek te herstel, maar mens moet bely. Belydenis bring blydskap, vrede en lewe. Die opdrag is dus - LEEF EN LAAT LEEF.

OPSOMMING

Die Woord van God bestaan uit insettinge, verordeninge en gebooie.
Alle Bybelse inligting moet dus in oënskou geneem word wanneer die belofte van seën, die vreugde in vrede en die ewige blydskap in geluk ondersoek word.

Dit is ook duidelik dat God die Bybel gebruik om die mens aan Sy soewereiniteit bekend te stel. Hierin beklemtoon God ook die voorreg van bestaansreg van die mensdom en verorden Hy die seën in gehoorsaamheid gedurende die ywer in onderhouding van Sy gebooie.

Wanneer die mens met insig die verhale van oorlewing lees, kry mens die indruk dat die hele Boek geskryf is om hom te vergewis dat dit n riglyn en voorbeeld van die mens se lewensreis is. Dit begin by Adam en Eva se formering en eindig in Openbaring, waarin n opsomming van die volle omvang van n lewensreis uiteengesit en verduidelik word.

In die laaste hoofstuk van hierdie manuskrip word *'die blydskap in die Here'* bespreek en hierin word die mens bewus gemaak dat God se Gees die sleutel tot ewige geluk hou. Sy karaktertrekke moet vrylik en te alle tye deur die mens se handel en wandel gebruik word alvorens die mens aanspraak kan maak op die seën van n ewige vreedsame lewe hier op aarde en hiernamaals.

Hierdie nege karaktertrekke verpersoonlik die integriteit van God as wese, want die vrug daarin is die fondasie vir vrede, vreugde en geregtigheid. Nie net dien hierdie persoonlikhede as hulp vir versoening nie, maar dit help ook die mens om die sondige natuur in die mens te beheer.

Dit is wel bekend dat die mens met n sondige natuur gebore word.
Die uitdaging is om hierdie natuur te vervang met n Goddelike natuur en daarom word die nege vrug van God se Gees as hulp verleen om die sewe nasies van die sondige natuur te verslaan. Die verhaal van Moses is welbekend en hierin gee God riglyne om die beloofde land (nuwe natuur) te bestuur -

Deu 7:1
As die HERE jou God jou inbring in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem, en Hy baie nasies voor jou uit verjaag: die Hetiete, Girgasiete, Amoriete, Kanaäniete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete, ***sewe nasies, meer en magtiger as jy;***
Deu 7:2 *en die* ***HERE jou God hulle aan jou oorgee****, dat* ***jy*** ***hulle verslaan****, dan* ***moet jy hulle geheel en al met die banvloek tref; jy mag geen verbond met hulle maak en hulle nie genadig wees nie.***

Elkeen van hierdie nasies het verskillende geaardhede gehad en hierdie geaardhede word deur geestelike oorerwing in die mens nagelaat.
By nadere ondersoek sal ons vind dat hierdie 7 nasies onderling gefloreer het met individuele gesindhede soos -
Vrees, verwerping, waardeloosheid, skaamteloosheid, onsekerheid, besmetting en hopeloosheid.

God verwag dat ons hierdie nasies beveg terwyl ons transformeer en sy 7 wyse pilare van wysheid gebruik om n nuttelose natuur vrugbaar te maak -

Spreuke 9:1 *Die* ***Wysheid het haar huis gebou****, haar* ***sewe pilare*** *uitgekap,*

En met insig sal ons vind dat hierdie 7 wyse pilare sewe gesindhede is wat n verskil in elke mens se geaardheid kan meebring. Hulle is -
Betroubaarheid, vriendskap, waaksaamheid met woorde, edelmoedigheid, integriteit, persoonlike reinheid en ywerigheid.

God se verwagting is dat die mens hierdie wyse gesindhede gebruik om die 7 bose gesindhede te beveg totdat die vyand kragteloos word en die mens beheer oor hulle kan neem, sodat die Goddelike natuur vreugde kan verskaf. Nogtans, sonder die 9 vrug van God se Gees is hierdie uitdaging nie moontlik nie (God onderstreep dit ook in vers 7:2 hierbo) en daarom word die nege geaardhede in die Heilige Gees se karakter so belangrik geag. Sonder hierdie vriende kan n mens nie die oorlog wen terwyl God se huis te gebou word nie…

Daarom bly God se uitdaging so sensitief wanneer Hy op meer as een plek pleit-

'Diè wat deur My Gees gelei word sal oorwin en Ek sal hulle alles laat beërwe…'

Wat moet n mens oorwin ? Soos verorden, is dit die 7 dreknasies in n mens. Die mate van oorwinning bepaal die mate van vrede in n mens, net soos die mate van geloof die mate van seën bepaal. En daarom pleit God dat n mens die Heilige Gees gedurig moet volg. Om te oorwin moet n mens begrip hê vir die omvang van die uitdaging. Kom ons illustreer n voorbeeld : -

Tekens van VERWERPING is selfbejammering as gevolg van mishandeling; onsekerheid as gevolg van minderwaardigheid; agterdog as gevolg van onbetroubaarheid…ens…ens…
Om hierdie 'verwerping' positief te laat verander moet die vertroue in 'vriendskap' herstel word. Hiervoor is die Heilige Gees se nege vrug nodig. Deur gebed sal God stelselmatig hierdie nege naaste-vriende se vrug gebruik om die emosionele siek mens te genees.
God sal sorg dat n volwasse kind van die Here die rykdom in God se Gees verklaar deur middel van optrede - iemand wat die waarde van vriendskap verstaan en dit deel met diè een wat ly aan 'verwerping'. Die geneesmiddel vir 'verwerping' is om Godsbewus te word en te verstaan dat deur die gebruik van vriendelike woorde, goedhartigheid, lankmoedigheid met selfbeheersing en getroue sagmoedigheid, n liefdevolle band met God se waardes kan skep.

Wanneer so n 'siek' mens besef dat die gewone mens net n grashalm is en dat almal feilbaar is, sal die Heilige Gees hom oortuig van die waarde in vergifnis. Sonder vergifnis kan niemand emosioneel gesond bly nie.
En wanneer die mens vergewe, sal 'vrees vir verwerping' verander na 'liefde vir naaste', want die Gees van God sal die wet van Christus verklaar en vestig -

Genees ander met dieselfde gesindheid waarmee jy genees is.

Jesus het die verlange vir vreugde, vrede en geregtigheid in die mense bespeur en die saligheid wat in goeie verhoudinge verborge is, aan hulle verduidelik -

Mat 5:2 en Hy het sy mond geopen en hulle **geleer** *en gesê:*
Mat 5:3 Salig is die wat **arm van gees** *is, want* **aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.**

Om arm van gees te wees is om nederig te wees. n Nederige mens is n toonbeeld van goedhartigheid, hulpvaardigheid, sagmoedigheid, selfbeheersing en lankmoedigheid. n Nederige mens is nie trots nie, nie hoogmoedig nie, maar wel ontvanklik vir verandering omdat hy nie hardnekkig is nie. Die woord van God kan ryklik in hom gevestig word om die verlossings boodskap te verkondig.

Mat 5:4 Salig is **die wat treur,** *want hulle* **sal vertroos word.**

Die wat treur het berou oor hul verlede. Dit is hulle wat n beter lewe soek en God vir leiding vra. Die woord van God verorden dat **enige iemand** wat berou het en God se aangesig soek vir vertroosting, sal gehelp word.

Mat 5:5 Salig is **die sagmoediges**, *want hulle* **sal die aarde beërwe.**

Die sagmoedige mens se goeie eienskappe is liefde, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid en selfbeheersing. Merk - *'sal die aarde beërwe'* - nie die hemel nie. n Sagmoedige mens is nie noodwendig n gelowige in God nie. Hierdie seën is dus aan almal gerig, selfs die ongelowige. n Sagmoedige is iemand wat omgee oor die welstand van ander en bewustelik of onbewustelik betoon hy deernis aan ander en voldoen so aan die wet van Christus - 'dra mekaar se laste'. Daarom verdien hy koningskap op aarde, maar nie noodwendig ewige vrede nie - **'ewig'** wat gekoppel is aan die hiernamaals, of te wel - n hemelse ervaring, wat net vir getroue gelowiges bestem is.

Mat 5:6 Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, *want hulle* **sal versadig word.**

Iemand wat geregtigheid nastreef word gesien as iemand wat n gesindheid van regverdigheid besit. So n persoon benader elke saak met n onpartydige houding.

Sulke mense ondersoek die waarheid, sodat geregtigheid kan geskied en God beklemtoon dat iemand wat dors na eenheid, vrede sal vermag. Let weer - die seën is nie net beperk tot gelowiges nie.

Mat 5:7 Salig is die ***barmhartiges,*** *want* ***aan hulle sal barmhartigheid bewys word.***

Die mens wat deernis toepas, sal meegevoel ontvang. Wat jy saai sal jy maai.
Let weer - dit is nie net beperk tot gelowiges nie.

Mat 5:8 Salig is ***die wat rein van hart is,*** *want* ***hulle sal God sien.***

Soos voorheen bespreek, is rein soortgelyk aan skoonheid en word in die Bybel gebruik om die mate van ongeskondenheid en eerbaarheid te verklaar. Reinheid illustreer dat daar geen plek vir die eie ek is nie, maar alleenlik plek is vir die Heilige Gees se karakter. God erken sy eie karakter as rein en volgens hom is daar geen vergelykbare eerbaarheid as sy eie nie. Deur God se Gees aan te neem en gehoorsaamheid te toon, sal die mens die voorreg bekom om God te beleef/sien.
Let - n Ongelowige het nie hierdie voorreg nie, want n ongelowige glo nie in die Heilige Gees se heerskappy nie en daarom besit n ongelowige nie die sleutel tot die woord 'ewige lewe' nie. Sy bestaan is dus beperk net tot hier op aarde.

Mat 5:9 Salig is die ***vredemakers****, want* ***hulle sal kinders van God genoem word.***

n Vredemaker is n amp, net soos n vrederegter in die hof. Vir die wêreldse mens beteken 'vrede' om nie meer te veg nie, maar steeds kwaad mag bly vir mekaar. In God se Geeswêreld beteken 'vrede' om te versoen met n gesindheid van opofferende liefde. Dit beteken dat as versoening plaasvind, daar nie meer verwyt sal wees nie, maar dat vergifnis eenheid sal meebring.
Deur vergifnis is ons as mens gered. God vergewe almal wat belydenis van sonde bepleit en omdat 'kind' - 'om die familienaam te bevorder' beteken, is God se familie vredemakers wat ywer om versoening te verkondig en te verklaar.

Mat 5:10 Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Wanneer die gelowige sy hart vir God gee, beteken dit dat hy sy lewe vir God gee om daarmee te doen wat Hy wil. Sonder n hart kan die mens nie leef nie en as God vir hom n nuwe hart (nuwe gemoedsbron) gee, beteken dit dat die nuwe hart aan God behoort en die mens gebruiksreg het. Die nuwe hart se werking word deur God se Gees bedryf en as die mens hierdie vennootskap eerbiedig, sal die mens nie bekommerd hoef te wees oor die toekoms nie. Sou hy vervolg word as gevolg van sy geloof, sal dit hom nie raak nie, want God se insettinge verorden dat alles wat God toelaat, vir die beste sal meewerk. So n gelowige geniet hierdie hemelse gemoedsrus as n Paradys lewe.

Mat 5:11 Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.

En so is dit ook met die mens wat vervolg word soos hierbo. Die saad van geloof het in goeie grond geval en die vrug daarvan beklemtoon vertroue in God se doen en late. Hierdie seën is egter net vir gelowiges bedoel, omdat God sy naam hieraan koppel - *'om My ontwil'* is ter verduideliking dat die gelowige getrou aan God se gebooie sou wees en daarom kan staat maak op God as Redder.

Mat 5:12 Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het.

Hierdie is n troos vir diè wat vervolg word omdat hulle God se geregtigheid nastreef. Die vrug van hul ywer is ewige geluk en vreugde.

Om saligheid te ontvang is om n rein lewe te leef
Om n ewige saligheid te geniet is om
TE LEEF EN TE LAAT LEEF

GWP MINISTRIES

Uitgegee deur

GWP Ministries

Zander Kruger